Aanneming 2

Jeffersonville, Indiana, USA
18 Mei 1960

1 Ek … net 'n bietjie laat. Ek het iemand gehad wat gewelddadig was, baie gewelddadig, en ek moes net op daardie tydstip gaan, want hulle was baie, baie sleg. En het heelpad gery van Michigan af, die balju het gebel, ensovoorts, dat hulle baie, baie sleg was. Nou, maar dit gaan reg wees; alles—alles is onder beheer, so dis goed. Wanneer die Here inkom, is alles dan onder beheer, is dit nie? O, Hy—Hy is so goed; om te dink aan Sy goedheid en Sy barmhartigheid, aan wat Hy vir ons beteken, en hoe kosbaar Sy lof is.

Wel, ons het probeer om te begin, gesê dat ons die eerste drie hoofstukke van die Boek van Efésiërs sou neem. En ek dink ons het die eerste drie woorde, of die eerste drie *iets* daar. Ons het nie baie ver gekom nie, maar miskien kan ons vanaand 'n bietjie verder gaan. Nou, ek wil sê dat ek nie by verre 'n Bybelstudent is nie en by verre nie 'n teoloog nie, maar ek—ek het die Here lief en ek hou daarvan om Hom te dien en … ['n Broer praat met Broer Branham — Red.]

Iemand, net 'n noodgeval, het gesê, net voor ons nou aangaan, 'n dogtertjie in die hospitaal in Louisville, en al die beste spesialiste het haar opgegee, sy's nou sterwend, en vra versoeke vir hierdie kind. As Christene, is dit ons plig om ons hoofde te buig, nou, vir gebed.

Ons genadige Here, dis nie net ons plig nie, maar dit is ons voorreg, en dit is ons—ons begeerte dat ons ons hoofde buig vanaand as 'n kerk, as 'n groep uitgeroepte, gelowige mense hier vanaand, om U Woord te leer, ons posisioneel in die Liggaam plaas, dit waar ons behoort, en waar ons kan saamwerk as lede van die Liggaam van Christus.

En nou word ons gevra om onmiddellik na God te gaan. En elkeen van ons vaders dink dat, wat as dit ons dogtertjie was, hoe ons harte sou brand en pyn in ons, en ons sou ons op die kerke beroep om onmiddellik te bid. En een of ander vader se hart brand, pyn. Here, mag daardie groot Persoon van die Heilige Gees net nou na daardie vader se hart kom. Neem elke skaduwee van twyfel weg, en elke pyn, en laat hom weet dat U God is en daar is geen siekte wat in U Teenwoordigheid kan staan wanneer U Goddelike opdrag uitgevoer is deur U kerk en U mense nie.

2 En soos deur die week, ons biddend sedert verlede Sondag, het ek gedink aan hierdie wyses, of hierdie maniere van gebed. Ons het nie veel van 'n wapen sover dit vir die wêreld lyk nie, maar hierdie klein slingervelletjie is dodelik wanneer dit in die vingers van geloof gehou word. O Here, mag ons gebede huistoe tref, daardie dood daar oorkant wat oor daardie kind hang, en mag dit verpletter word; die duisternis, somberhede, weg van die bed van daardie baba, daardie baba of kind, dogtertjie. En mag die groot Lig van God se Teenwoordigheid daarop skyn. Mag dit uit daardie hospitaal kom, 'n gesonde kind.

God, ons weet net oorkant die rivier wag ons geliefdes en dit is glorieryk. Maar ons het ons kleintjies lief. En ons bid, Here, dat tot U eer, dat U die lewe van daardie kind sal spaar. Ons as U kerk bestraf daardie dood en sê: "Staan stil daar oorkant. Jy kan nie daardie kind neem nie, want ons eis sy lewe op vir die koninkryk van God se onthalwe." Skenk hierdie dinge, Here, om reguit na die merk te gaan soos ons dit rig, in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser. Amen.

3 Glo ons? Ek weet nie wat ek sou doen as ek nie 'n Christen was nie. Ek sou net nie langer wou bly nie. Daar is niks om voor te lewe nie, net om ander gered te kry, is die beste wat ek weet.

Nou, vanaand wil ons net 'n klein agtergrond begin van ons vorige les. En ek sal probeer lees, want, die hele hoofstuk, as ek vanaand kan. So Sondagoggend sal ek miskien Sondagoggend en -aand moet indruk, as dit reg is, om te probeer om in hierdie opset te kom van wat ek wil hê die kerk moet sien. O, dis glorieryk om jou posisie te vind! En niemand kan enigiets doen tensy jy behoorlik weet wat jy doen nie.

4 Wat as jy sou wees … 'n operasie sou hê en daar was 'n jong dokter wat pas uit die skool gekom het dat hy sou … nooit tevore 'n operasie gehad het nie. Tog, hy was jonk en aantreklik en sy hare was glad gekam, en hy was baie mooi aangetrek, keurig en alles. En hy het gesê: "Ek het die messe geslyp en ek het al die gereedskap en dinge gesteriliseer." Maar jy sou 'n snaakse gevoel daaroor hê. Ek sou liewer 'n ou dokter wou hê wat baie keer tevore deur daardie operasie gegaan het, voordat ek aan my laat sny. Ek—ek wil iemand ken wat nie pas uit die skool is nie, ek wil iemand hê met 'n bietjie ondervinding.

En die bes ervare Een wat ek ken om aan te roep vanaand, is die Heilige Gees. Hy's God se groot Geneesheer en groot Leraar.

5 En as agtergrond van my Boodskap vanaand, steeds van Sondag se preek, dat dit is … Hulle het Samuel verwerp met die Woord van die Here; en Saul, die seun van Kis, aangeneem; en het Samuel verwerp, wat die Heilige Gees verteenwoordig het, omdat hy net gepraat het soos die Gees hom gelei het om te praat. En toe hy hulle aandag daarop gevestig het, het hy gesê: "Onthou, ek het nooit iets vir julle gesê in die Naam van die Here behalwe wat die Here dit laat gebeur het nie. Ook het ek my nie

wangedra voor julle nie. En niemand kan my van sonde beskuldig nie."

Soos Jesus gesê het: "Wie kan My van sonde veroordeel?" Sien?

En hy het weer gesê, dat: "Ek het nie na julle toe gekom en julle gesmeek vir geld, ensovoorts, nie. Ek het niks van julle gevat nie. Maar alles wat ek gesê het, was vir julle beswil, wat ek vir julle uit die mond van die Here gebring het."

En al die mense het getuig: "Dis waar. Dit is alles waar, maar steeds wil ons 'n koning hê. Ons wil soos die res van die wêreld wees."

6 Nou, vanaand, ons Skrif verdeel die Boek van Efésiërs, is die Boek van Josua van die Nuwe Testament. Dis verdeel en sit in orde die "oorwinnaars." Nou, dis net 'n agtergrond vir 'n paar minute, om 'n plek te kry voor ons begin lees, vanaf die 3de vers. Nou, ons het verlede Sondagaand gevind dat die … God in die Ou Testament het Israel 'n belofte van 'n land van rus gemaak omdat hulle pelgrims en swerwers geword het. En hulle was in 'n land wat nie hulle s'n was nie, en God het deur Abraham belowe dat hy sou vertoef, sy saad sou vertoef vir vierhonderd jaar in 'n vreemde volk en mishandel word, maar deur 'n sterk hand sou Hy hulle uitbring in 'n mooi land wat gevloei het met melk en heuning.

7 En nou, toe die tyd van die belofte nader gekom het, het God iemand opgerig om hulle na daardie land te bring. Hoeveel in die klas vanaand wie daardie een was … weet wie daardie een was? Moses. Let op, 'n baie, baie ware tipe van ons Een wat gegee is om ons na die beloofde Land, Christus, te bring. Nou het ons 'n belofte, want ons belofte is geestelike Rus, waar hulle s'n fisiese rus was. En so het hulle gekom na 'n land sodat hulle kon sê: "Dit is ons land, ons is nie meer swerwers nie, ons het ons gevestig, dit is ons land en hier het ons rus. Ons sal ons mielies plant, ons wingerde, en ons sal van ons wingerde eet. En dan wanneer ons sterwe, sal ons dit aan ons kinders nalaat."

8 O, hoe sou ons in die land daarvan kon ingaan, die wette van erfenis, soos Naomi en Rut, Boas. Bring dit alles terug. Hoe 'n broer in Israel, hoe hy moet … enigiets wat hy verloor het, moet deur 'n bloedverwant verlos word. O, hoe pragtig! Dit sou weke en weke en weke en weke neem, ons sou nooit hierdie hoofstuk verlaat, om daarna te gaan nie. Ons kan die hele Bybel reg hierbinne saamvat, reg in hierdie een hoofstuk in.

En o, ek hou net daarvan om Dit te bestudeer. Ons het Dit altyd geneem, en dit geneem vir 'n jaar en 'n half, en nooit 'n Boek gelos nie. Bly net reg Daarby.

9 Nou, maar, dit was so 'n groot ding dat die erfenis, hoe dit was dat 'n erfenis in die land dat niemand anders behalwe 'n nabye bloedverwant daardie erfenis kon verlos nie. Nou, laat ek net op 'n klein teken hier val wat ek nou die aand aangeraak het, aan julle moeders. Hoeveel hier het vir julle verlore geliefdes gebid? Goed. Daar is jy weer, sien: "Jou erfenis." Sien?

Paulus het vir die Romein vertel, gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy en jou huis sal gered word." As jy genoeg geloof het vir jou om gered te word, geloof genoeg hê, maak nie saak hoe eiewys daardie seun is, of daardie meisie is nie, hulle sal in elk geval gered word. God, op een of ander manier! As Hy hulle op hulle rug moet lê, daar in 'n hospitaal lê, sterwend, sal hulle gered word. God het dit belowe. Die erfenis! O! "En hulle sal daar wees," het Jesaja gesê: "en al hulle nageslag saam met hulle. Hulle sal geen kwaad doen of vernietig op my hele heilige berg nie, sê die Here."

O, ek het 'n klein plekkie waarby ek hoop ek kan vanaand uitkom, vir julle. Brand net in my hart, van dit kom terug na dit.

10 Maar nou, aan vorentoe. Toe het julle Moses opgelet, daardie groot wonderwerker wat Israel afgebring het deur die land, en hulle na die beloofde land gebring het, maar nie hulle erfenis aan hulle geplaas het nie? Hy het hulle nie hulle erfenis gegee nie; hy het hulle opgelei na die land, maar Josua het die land aan die mense verdeel. Is dit reg? En Christus het die kerk gebring na die plek waar hulle besitting aan hulle gemaak is, aan hulle gegee is, net die Jordaan om oor te gaan, maar die Heilige Gees is die Een Wat die kerk in orde plaas. Die Josua van vandag plaas die kerk in sy orde, gee aan elkeen, gawes, plekke, posisie. En Hy is die Stem van God wat spreek deur die innerlike mens wat Christus gered het, die Heilige Gees. Nou kry julle soveel daarvan? Nou gaan ons oor in die Boek van Efésiërs. Nou, op dieselfde manier, plaas Hy die kerk posisioneel waar hulle hoort. Nou, Josua het hulle in die natuurlike land geplaas. Nou plaas die Heilige Gees die kerk posisioneel in die land waarin hulle, in die posisie waarin hulle hoort, hulle erfenis.

11 Nou, die eerste ding waarmee hy hier begin, spreek hy sy brief aan: "Paulus." Wat, ons gaan uitvind naderhand dat al hierdie verborgenheid aan hom geopenbaar is, nie in 'n kweekskool nie, nie deur enige teoloog nie, maar dit was 'n Goddelike openbaring van die Heilige Gees wat God vir Paulus gegee het. In die wete dat die verborgenheid van God, het hy gesê, wat verborge was sedert die grondlegging van die wêreld, aan hom geopenbaar is deur die Heilige Gees. En die Heilige Gees onder die mense het elkeen in orde geplaas, die kerk in posisie geplaas.

12 Nou, die eerste ding wat Paulus hier begin om die mense te vertel, is om al die … Onthou, dit is vir die kerk, nie vir die buitestaander nie. Dis 'n verborgenheid in raaisels vir hom, nooit in staat om te verstaan nie, gaan bo-oor sy kop, hy weet niks meer daarvan as niks nie. Maar vir die kerk is dit heuning in die rots, dis onuitspreeklike vreugde, dis die geseënde versekering, dis die anker van die siel, dis ons hoop en anker, dis die Rots van die Eeue, o, dis alles wat goed is. Want hemele en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nooit verbygaan nie.

13 Maar die man buite Kanaän weet niks daarvan nie, hy dwaal steeds. Om nie te sê dat hy nie 'n goeie man is nie, ek sê dit nie. Ek sê nie die man selfs in Egipte is nie 'n goeie man nie, maar hy, totdat hy oorgekom het in hierdie besitting.

En die besitting, dat, die belofte wat aan die kerk gegee is, is nie 'n natuurlike land nie, maar 'n geestelike land, want ons is 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie. Dan in hierdie koninklike priesterdom, heilige nasie, eienaardige mense, uitgeroep, uitverkies, gekies, eenkant gesit, dan is die hele wêreld dood aan die buitekant. En ons word gelei deur die Gees. Seuns en dogters van God word gelei deur die Gees van God; nie deur die mens nie, maar deur die Gees.

14 Almal in liefde, die hele ding is nou saamgevoeg. Daar is baie keer probeer om dit te onderrig, en sonder twyfel watter groot teoloë dit baie dieper getref het as wat ek kon. Maar die ding wat ek by julle wil probeer kry, is dit, dat 'n man wat in Christus is, met die Heilige Gees, kan 'n man verdra wanneer hy verkeerd is, lankmoedig, sagmoedig, geduldig. Hy is aangenaam, nederig, getrou, gevul met die Gees, nooit negatief nie, altyd positief. Hy's 'n ander persoon.

Nie net 'n man wat: "Ons het dit eenmaal gehad nie. As ons geskree het, het ons dit gehad, ons Metodiste. O, toe ons geskree het, was ons in die Land." Dis goed, dis in orde, ek glo dit ook.

Toe het die Pinksters gekom en in tale gepraat, hulle: "Het dit gehad; almal wat in tale gepraat het, het dit gehad." Ek glo dit, ook. Maar steeds het ons uitgevind dat baie Dit nog nie gehad het nie, julle sien. Sien? Nou hulle is …

15 Ons kom nou by hierdie groot verborge geheimenis wat weggesteek was sedert die grondlegging van die wêreld en nou geopenbaar word in die laaste dae aan die seuns van God. Glo julle dat dit waar is, dat seuns van God gemanifesteer word? Voordat ons selfs êrens heen gaan, laat ons blaai na Romeine die 8ste hoofstuk net 'n oomblik, laat ek iets vir julle lees. Kyk of dit dit is wat uitkom by dit waarvan ek hier praat. Nou gaan ons Romeine 8 kry, die 19de vers van die—van die 8ste hoofstuk van Romeine.

> *Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.*

16 Met reikhalsende verlange wag die hele skepping vir die manifestasie. Sien, die manifestasie! Wat is die manifestasie? Bekendmaking!

Die hele wêreld. Die Mohammedane daar oorkant, hulle soek daarna. Oral rond, oral, soek hulle daarna. "Waar is hierdie mense?" Ons het die … Ons het 'n magtige rukwind gehad, ons het donderweer en weerlig gehad, ons het olie en bloed gehad, ons het allerhande dinge gehad; maar ons het nie daardie stemmetjie gehoor wat die profeet aangetrek het nie, wat die kleed om hom gedraai en uitgeloop het, gesê het: "Hier is ek, Here." Sien?

17 Nou die hele skepping sug en wag vir die manifestasies van die seuns van God. Nou, Paulus gaan eers die kerk plaas presies waar dit hoort. Nou net om die agtergrond te kry, laat ons weer lees.

> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges* (dis die "heiliges") *wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus:*

Nou, sodat die klas dit nie sal vergeet nie, hoe kom ons in Christus? Sluit ons by die kerk aan om in Christus te kom? Maak ons 'n belydenis om in Christus te kom? Word ons onderdompel in water om in Christus te kom? Hoe kom ons in Christus? Een Korinthiërs, 12de hoofstuk: "Want deur een Gees," een, hoofletter G-e-e-s, wat Heilige Gees is: "word ons almal gedoop in die beloofde Land in."

18 In hierdie beloofde Land, alles behoort aan ons in die beloofde Land. Sien dit, Broer Collins? Sien, alles in die beloofde Land! Toe Israel oor hierdie Jordaan getrek het, in die beloofde land in, alles beveg het!

Onthou nou, in hierdie beloofde Land, dit beteken nie dat jy immuun is teen siekte nie, dit beteken nie dat jy immuun is teen probleme nie. Maar dit spel dit wel, (o, laat hierdie diep sink), dit sê dit, dat dit joune is! Staan net op en neem dit! Sien? Wanneer …

19 En, onthou, die enigste manier wat Israel ooit 'n man verloor het, is toe sonde in die laer gekom het. Dis die enigste manier waarop ons ooit 'n—'n oorwinning kan verloor, is vir sonde om in die laer te kom, iets verkeerd iewers. Toe Agan daardie goudstaaf en daardie Babiloniese kleed gesteel het, was sonde in

die laer, en die geveg het verkeerd geloop.

U het my hierdie—hierdie kerk gegee vanaand, hierdie groep mense, perfek, volmaak in die belofte van God, met die Heilige Gees, wandel in die Gees, ek daag enige siekte of enige beproewing, of enigiets wat daar is uit, elke Joe Lewis wat daar is in die land, met al sy ontrouheid, en al die ongelowiges wat daar is, om enige siekte of beproewing by hierdie deur in te bring, en hulle sal volkome heel hier uitstap. Ja, meneer. God het die belofte gegee, slegs sonde van ongeloof kan dit weghou. Nou gaan ons kom by wat hierdie sondetjie is, na 'n ruk, nou.

> … *wat in Christus Jesus* is:
>
> *Genade vir julle en vrede van God onse Vader, en die Here Jesus Christus!*
>
> *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in—in Christus,*

20 Wanneer ons in Christus is, het ons geestelike seëning. Buite Christus, het ons sensasies. In Christus het ons positiewe seën. Nie skyngelowe nie, nie geveinsdhede nie, nie aansit nie. Maar solank jy probeer sê dat jy in die beloofde Land is en nie is nie, sal jou sondes jou inhaal. En, die eerste ding wat jy weet, jy sal jouself bedrieglik vind en—en alles, soos ons dit in die wêreld noem, vasgevang. Jy sal uitvind dat jy nie het waarvan jy praat nie. Maar wanneer jy in Christus Jesus is, het Hy jou Hemelse vrede belowe, Hemelse seëninge, Hemelse Gees, alles is joune. Jy is in die beloofde Land en in volle besit van alles. Amen. Hoe pragtig! O, laat ons studeer.

> *soos Hy ons in Hom uitverkies het ...*

Nou, hier is waar die kerk so erg struikel.

> *Soos Hy ons in Hom uitverkies het ...* (In Wie?) Christus.

21 Ons vind nou uit, terug in—in Génesis en in Openbaringe, Openbaringe 17:8, dat Hy ons in Christus gekies het voor die grondlegging van die wêreld. Nou, die woord … Laat my die volgende een lees.

> *... grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees ...*
>
> *deurdat Hy ons voorbeskik het ...*

Nou wil ek stop by daardie woord van "voorbeskik." Nou, *voorbeskik* sê nie: "Ek sal Broer Neville kies en ek—ek—ek—ek—ek sal nie Broer Beeler kies nie." Dit is nie dit nie. Dis die voorkennis van God wat geweet het watter een reg sou wees en watter een nie reg was nie. So, deur voorkennis, God wat weet wat Hy gaan doen, het Hy deur Sy voorkennis voorbeskik om alle dinge ten goede te laat meewerk vir hulle wat God liefhet, sodat Hy, in die eeu wat kom, alle dinge bymekaar kan roep in Een, wat Christus Jesus is.

22 Laat ek vir julle 'n klein illustrasie hier teken. Dis goed. Ons gaan terug, ek glo ek het 'n bietjie daaroor gepraat nou die aand, of dit getref, in Génesis, die 1ste hoofstuk, 1:26, toe God Sy Naam genoem het: "Here God," dis in die woord van El, Elah, Elohim, wat beteken "die selfbestaande Een." Daar was niks anders behalwe Hy wat bestaan het nie. Daar was geen lug nie, daar was geen lig nie, daar was geen sterre nie, daar was geen wêreld nie, daar was niks anders nie. Dit was God en God alleen, El, Elah, Elohim. Nou, Hy het dit gemaak.

23 Binne dit was eienskappe wat beteken het dat Hy 'n … Binne-in hierdie groot El, Elah, Elohim was 'n eienskap of 'n … Julle weet wat 'n *eienskap* is, of laat ek dit so sê, was 'n "natuur." Dis sodat die kêreltjie dit sal kry, en ek is een van die kêreltjies wat dit so moet kry. Binne-in Hom was die natuur om 'n vader te wees, maar Hy's selfbestaande, daar is niks vir Hom om 'n Vader te wees nie. En, nou, daarbinne was iets anders, dat Hy God was; en 'n god is 'n voorwerp van aanbidding; maar Hy was selfbestaande, El, Elah, Elah, Elohim, so daar was niks om Hom te aanbid nie. Binne dit, was Hy 'n Verlosser, en daar was niks verlore om gered te word nie. Sien? Binne dit, was Hy 'n Geneser, sien, maar daar was niks siekes om genees te word, of niks om siek te wees nie. Nou kry julle die prentjie? So Sy eienskappe, Sy natuur het voortgebring wat vandag is.

24 Sommige mense sê: "Wel, waarom het God dit nie net in die begin gestop nie?" "Hy's 'n wreedaardige ondier," het Joe Lewis gesê, die een wat Joe veroordeel het, of Jack Coe, sien. Gesê: "Hy is net 'n wreedaardige ondier. Daar is nie so-iets soos God nie. As daar so-iets was, sou Hy 'n ..." O, ek … het Hom net allerhande soorte name genoem, sien. Maar dis net omdat hy dalk baie kennis *hierbo* het, maar hy het niks *hieronder* nie.

Nou, dit, dis waar dit is. Sien? Hierdie Woord vertel dit hier, en Hy het dit verberg. En hierdie geheimenisse is nou verberg, onthou, die Bybel het gesê: "Van die grondlegging van die wêreld af, gewag vir die manifestasies van die seuns van God," om hulle aan die kerk te vertoon. O, goeiste! Begryp julle

dit?

25 Nou stop ek net 'n bietjie met my storie, of ek sal bring … ek sal na my volgende gedagte gaan om dit te kry. Onthou nou, regdeur die eeue van Moses, terug deur die eeue van die profete, terug deur alle eeue, het hulle gewag tot hierdie laaste dae vir hierdie dinge om vertoon te word, volgens die Skrif. Dis reg, vir dit om aan die seuns van God geopenbaar te word. Hoekom? Van die verlorenes … tot soos die piramide, soos ek gesê het, bou nader, nader, nader.

26 Soos ek dikwels hierdie opmerking gemaak en gesê het, God het drie Bybels gemaak. Die eerste een, het Hy Dit in die lug geplaas, die diereriem. Het julle ooit die diereriem gesien? Wat is die eerste figuur in die diereriem? Die maagd. Wat is die laaste figuur in die diereriem? Leo die leeu. Hy kom die eerste keer na die maagd, Hy kom die tweede keer as die Leeu van die stam van Juda. Sien?

Hy het die volgende een in die piramide gemaak, destyds in die dae van Henog, toe hulle die piramide gemaak het. En hulle meet hulle. Ek verstaan dit nie. Maar vir die oorloë, waar hulle buig en op hulle knieë gaan vir so lank, en die afstand van die oorloë kan meet. Julle weet waaraan hulle nou meet? Reg oor die koning se kamer. En soos hierdie piramide opgegaan het … Ons kan dit nie bou met alles wat ons vandag het nie. Ons kan dit nie bou nie.

27 Dit is reg opgebou soos *dit* tot op 'n punt. En die steen op … Die hoofsteen is nooit gevind nie. Hulle het nooit 'n kap bo-op die piramide gesit nie. Ek weet nie of julle dit weet of nie, die groot piramide van Egipte, dit het nooit 'n topsteen op gehad nie. Hoekom? Die hoofsteen was verwerp, Christus, die Hoofsteen, sien, was verwerp.

Maar soos ons groei vanaf die Lutherse eeu, Baptiste eeu, Metodiste eeu, Pinkstereeu, is ons nou reg tot by die Hoofsteen, sien, wag en verlang na daardie Hoofsteen om te gaan sit, die gebou is volledig. Het julle nie in die Skrif gelees: "Die steen was verwerp nie"? Natuurlik, ons besef dit het gepraat van die Salomo se tempel. "Maar die verwerpte Steen het die Hoeksteen geword." En ek sê dit net om 'n—'n—'n—'n prentjie vir julle te skets.

Nou, en in die Bybel, ons lewe in die laaste dag, die top van die piramide, die gekruisde visse van die kankereeu in die diereriem, in die tyd van die koms van Leo die leeu, in die deksteen, en in die dae van die manifestasies van die seuns van God, in die Bybel, sien. Sien waar ons is? Ons is reg by die endtyd.

28 Hoeveel het die koerant gelees hierdie week, wat Khrushchev-hulle gesê het? O, hulle is gereed; so is ons. Amen. Gereed! Dis alles reg, sien. O, wat 'n—wat 'n—wat 'n voorreg, wat 'n dag! As die Christene net die dag kon besef waarin ons lewe. Goeiste!

Wat dink julle? Die skrywer van hierdie Boek, wat dit gesien het, en gesien het waar dit gemanifesteer sou word in die laaste dae, gewag en gekreun vir daardie seuns van God om op te staan in die laaste dae, met die krag van die Heilige Gees aan die einde van die eeu, om die geheime dinge te openbaar vanaf die grondlegging van die wêreld, om dit na vore te bring.

29 Nou laat ons weer teruggaan na "die grondlegging van die wêreld", om 'n openbaring te kry, om te sien of ons reg is of nie. Ek hoop ek maak myself nie ontheiligend deur God "Pappa" te noem nie, maar ek wil dit so sê sodat julle dit sal verstaan. Pappa! Pappa wou 'n paar kinders hê, so wat het Hy gedoen? Hy het gesê: "Laat daar Engele wees." En Hulle het rondom Hom gekom. O, dis goed. Hulle het Hom aanbid, toe was Hy God, die eienskappe. Onthou, Hy was El (El), Elah, Elohim, selfbestaande, niks behalwe Hy nie. Die eerste ding wat gekom het, was Engele. Toe, Engele kon niks meer doen as aanbid nie. Hulle kon nie verlore gaan nie. So, Hulle kon nie siek wees nie, Hulle was onsterflike wesens. So, Hy kon nie Sy genesingskrag vertoon nie, Hy kon nie Sy verlossing vertoon nie. So toe, voor, nou laat …

30 Toe daarna, het Hy gesê: "Ons sal iets tasbaar maak." So Hy het 'n aarde gemaak. En toe Hy die aarde gemaak het, het Hy al die skepsels van die aarde gemaak, en toe het Hy die mens gemaak. Alles wat uit die aarde opgekom het; begin met 'n—'n paddavis of 'n jellievis, net 'n vorm van vlees wat op die water dryf, begin daarvandaan, om … van dit na 'n padda, wat die laagste tipe lewe is wat ons kan vind, beweer hulle, is 'n padda. Hoogste tipe is menslike wese. Van die padda af het dit begin by die akkedis, van die akkedis aan en aan en aan, en elke keer wat die Heilige Gees begin het om te "ruis," asem te haal, het lewe weer gekom; "Wieoe," groter lewe. En die eerste ding, iets het na die beeld van God opgekom, dit was 'n man. Niks was ooit, was nooit, sal ooit weer geskep word nie, enigiets hoër as 'n mens nie, want 'n mens is na die beeld van God. Sien? Toe het die mens …

31 Toe Hy Sy eerste mens gemaak het. Nou, toe Hy Sy Engelse wesens gemaak het … Hy het die mens gemaak: "Hy het manlik en vroulik geskape," almal in dieselfde eenheid. Hy was beide man en vrou, vroulik en manlik. Toe Hy Adam gemaak het en hom in die vlees geplaas het … onthou in Génesis 1, het Hy man en vrou gemaak. En in Génesis 2, was daar nog niemand om die grond te bewerk nie, vleeslike mense. Geen mens wat enigiets kon beetkry en die grond bewerk nie, maar tog was daar 'n man na Sy beeld. "En God is 'n …" [Gemeente sê: "Gees" — Red.]. Dis reg. Sien? Hy het die eerste mens gemaak:

"man en vrou het Hy hulle geskape." Nou, toe Hy die eerste mens gemaak het!

32 Nou, onthou, alles tesame het Hy dit in Sy gedagtes gehad. En Sondagaand het ek daardeur gegaan. 'n—'n Woord is 'n gedagte uitgedruk. God het gedink hoe Hy God kon wees, hoe Hy aanbid kon word, hoe Hy 'n Geneser kon wees, hoe Hy 'n Verlosser kon wees; en sodra Hy die Woord gespreek het, was dit vir ewig voltooi. O, as hierdie seuns van God nou net daardie Woord so kan beetpak. Wanneer God 'n Woord spreek, is dit klaar! Absoluut! Hy mag gewag het … Chronologie sê dat, of 'n argeoloog en almal, hulle beweer dat die wêreld miskien miljoene en miljoene en miljoen was. Ek weet nie, dit mag triljoene en triljoene jare gewees het. Ek weet nie hoe lank dit was nie. God bestaan nie in tyd nie. Hy het nie een minuut minder tyd as wat Hy het toe Hy dit gespreek het nie. Hy is steeds God. Daar is geen tyd met Hom nie.

Ek het dit nooit so geweet tot nou die aand, ander oggend, liewer, nie. Ewig, geen gister, geen môre nie, dis alles nou. Het julle ooit die woord "EK IS" opgelet? Nie "Ek was" of "Ek sal wees nie." Dis Ewig: "EK IS!" Sien: "EK IS," altyd!

33 Nou, maar Hy wou dinge in tyd plaas. Hy moes iets maak om te aanbid, so Sy eienskappe het dit voortgebring. Toe het Hy die man gemaak. Toe, in hierdie man, het hy eensaam gelyk. So, nou, om nou Sy groot denke te wys, wat Hy in die prentjie van die Christus en die Kerk gehad het, Hy het nie 'n ander stuk klei geneem en 'n vrou gemaak nie, maar Hy het uit die sy van Adam 'n rib geneem; en het van die gees van Adam geneem, die vroulike, en dit in hierdie rib gesit. Wanneer jy 'n man sien wat soos 'n sissie optree, is daar iets verkeerd. En wanneer jy 'n vrou sien wat soos 'n man wil optree, is daar iets verkeerd. Sien, daar's iets verkeerd. Hulle is twee verskillende geeste, heeltemal. Maar saam maak hulle een eenheid: "hierdie twee is een." So Hy het vrou en man gemaak, en hulle moes nooit oud wees nie, nooit sterf nie, nooit grys word nie, nooit nie. Hulle het geëet, hulle het gedrink, hulle het geslaap, net soos ons, maar hulle het nooit geweet wat sonde was nie.

34 Nou sal ek net hier verbygaan vir nog 'n les, een of ander tyd, oor die saad van die slang. Wat hulle my gevra het om dit te herroep. Maar laat ek iemand sien kom en my iets anders wys. Dis wat ek wil weet, sien.

Nou, maar dan na dit alles, dan wanneer sonde intree, wat vind plaas?

Ver daar oorkant, bo, 'n miljoen, honderdmiljoen myl, is daar 'n ruimte *so* groot, en dit is volmaakte agapao liefde. Elke keer wat jy 'n tree *hierheen* gee, vernou dit 'n duim. En julle weet hoe min tyd dit sou wees om die aarde te bereik. Dis 'n skaduwee van die skaduwee van die skaduwees. Dis wat jy het, dis wat ek het, 'n skaduwee van skaduwee van skaduwees van agapao liefde.

35 Daar's iets in jou, daar's iets in elke vrou hier binne ouer as twintig, daar's iets in elke man hier binne ouer as twintig, wat sou verlang om te bly. Jy het net vyf jaar, dis van vyftien tot twintig. Na twintig begin jy sterf. Maar, van vyftien af, is jy net 'n adolessente kind tot dan. En dan word jy volwasse tot jy twintig is. En na twintig, o, sê jy: "Ek is net so 'n goeie man." Jy sê dit net, maar jy is nie. Jy is sterwend en jy brand weg, maak nie saak wat jy doen nie. God het jou gemaak tot daardie ouderdom, maar dan gaan jy sterf. Nou wat gebeur? Nou begin jy sterf, maar daarbinne is daar iets in jou wat sê: "Ek wil weer agtien wees."

36 Nou wil ek julle iets vra. Wat as jy vyfhonderd jaar gelede gebore is, en jy het agtien jaar oud gebly tot vandag? As jy nie 'n antiek sou wees nie, met jou idees van vyfhonderd jaar gelede! Voor die pelgrimvaders ooit hierheen gekom het, en jy was 'n jong dame met daardie soort idee. Wel, jy sou beter daaraan toe wees om net voort te gaan en oud te word en vyfhonderd jaar te lewe. Sien, daar's iets verkeerd.

Jy sê: "Wel, reg nou voel ek baie goed, Broer Branham. O, ek's—ek's—ek's agtien, ek's sestien, ek voel goed." Skat, laat ek jou iets vertel. Hoe weet jy dat jou moeder lewe op hierdie oomblik, as sy nie in hierdie kerk is nie? Hoe weet jy dat jou kêrel nie net 'n paar minute gelede doodgemaak is nie, of jou vriendin nie? Hoe weet jy dat jy nie in die oggend 'n lyk in jou huis sal wees nie? Hoe weet jy jy gaan uit die kerk vanaand, lewendig? Dis so 'n onsekerheid. Daar is niks seker nie. As jy vyftien, twaalf, negentien, vyf-en-sewentig, of negentig is, is daar … alles onseker. Jy weet nie waar jy staan nie. Maar tog verlang jy om terug te gaan na vyftien, agtien. Wat laat jou dit doen?

37 Nou, as jy teruggaan na agtien en daar bly, en nooit siek wees en nooit wees … sou jy ander mense by jou moes hê, want jy sou dit ontgroei, sien. Mense sou aangaan in ander ouderdomme en jy sou 'n antiek wees. Jy sou erger wees as wat dit sou wees as jy saam met hulle oud geword het. Maar daar's iets wat roep dat jy daar moet wees. Dis daardie klein agapao, daardie klein skaduwee wat jou laat … Iets hierbo.

38 Nou, nou die aand, of die ander oggend om sewe-uur, toe die Heilige Gees, deur Sy goedheid en Sy genade, my weggeneem het van hierdie liggaam, glo ek, glo ek. Ja of nee, ek sê nie, en het in daardie

land ingegaan en daardie mense gesien, en hulle was almal jonk. En ek het die mooiste mense gesien wat ek ooit in my lewe gesien het. En Hy het vir my gesê: "Party van hulle was negentig jaar oud. Hulle is jou bekeerlinge. Geen wonder hulle skree: 'My broer! My broer!'"

Nou, dit is 'n hemelse liggaam, dat wanneer ons sterf, word ons nie 'n mite nie, ons word 'n liggaam. As ons almal sou sterf as die atoombom ons sou opblaas op hierdie oomblik, binne vyf minute van nou af sou ons mekaar se hande skud en mekaar omhels, en skree en aangaan, en God verheerlik! Ja, meneer. En Broer en Suster Spencer wat hier sit, ek reken een van die oudste paartjies hierbinne, sal agtien, twintig jaar oud wees. Broer Neville sou net 'n jong seun wees, en ek sou 'n jong kind wees. En ons sou net almal wees … Dis presies hierdie Waarheid. "As hierdie aardse tentwoning ontbind word, het ons alreeds een wat wag."

39 Wanneer 'n babatjie uit sy moeder kom, as 'n natuurlike geboorte, wriemel sy liggaampie en bene spring, ensovoorts. Verskoon die uitdrukking, julle jong vroue. Maar wanneer dit gebeur, het dit lewensspiere wat ruk. Maar wanneer dit by die aarde kom, die eerste ding, skep dit asem, en daar is 'n geestelike liggaam van natuur om in daardie baba in te kom net daar. Laat dit alleen, dit sal sy klein koppie neem en anker teen sy moeder se bors en begin suig. As dit dit nie gedoen het nie, sou die melk nie eens afkom nie.

Het julle ooit 'n kalf opgelet wanneer dit gebore word, dit … sodra dit genoeg krag kan kry om op sy bene te kom? Wie sê dit? Loop reg om na sy moeder, begin vasanker en begin suig. O, ja!

40 Want wanneer hierdie aardse liggaam hierheen gebring word, is daar 'n geestelike liggaam gereed daarvoor. En sodra hierdie … O, halleluja! "En as hierdie aardse tentwoning ontbind word, is daar een wat wag." Net sodra ons uit hierdie een uitstap, stap ons in daardie een in; een wat nie koue water wil hê nie, nie nodig het om water te drink nie; een wat nie eet nie, hulle is nie van die stof van die aarde nie. Maar hulle is net so werklik, en kan voel en hande skud, en net liefde en alles is perfek. En daardie liggaam wag daar oorkant. Dis deel daarvan. Daar is drie van hulle.

41 Jy begin jou Ewige Lewe net hier by die altaar. Hier is waar jy Ewigheid begin. O! Jy begin die Ewige Lewe net hier. Dan word jy wedergebore, 'n seun van God. En dan wanneer jy sterf, begin jy … Wanneer jou dood jou tref in hierdie liggaam en die hart ophou klop, en die sterflike wiele begin stilstaan, daardie klein skaduwee wat 'n skaduwee van die skaduwee was, in een sekonde word dit 'n skaduwee van die skaduwee, dan die volgende word dit die skaduwee, dan die volgende word dit 'n klein valletjie, dan die volgende word dit 'n stroompie, dan die volgende word dit 'n rivier, en die volgende word dit die oseaan, en na 'n ruk staan jy in die teenwoordigheid van jou geliefde mense wat oorkant staan, geklee in die klere van 'n hemelse liggaam, dat julle mekaar ken, mekaar liefhet, julle het weer teruggekeer na 'n jong man en jong vrou. Presies reg. Dit wag daar tot die koms van die Here Jesus. En eendag sal daardie verheerlikte liggaam van Sy … Onthou nou, dit is 'n hemelse liggaam, nie 'n verheerlikte nie, 'n hemelse liggaam. En eendag sal daardie hemelse liggaam die Hemel saam met Jesus verlaat.

42 "Want Ek sê dit vir julle," Tweede Thessalonicense, die 5de hoofstuk, of Eerste Thessalonicense, 5de hoofstuk, een of die ander: "Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal verhinder (die beste woord) nie. Want die basuin van die Here sal weerklink, en die dooies in Christus sal eerste opstaan." Hierdie hemelse liggame kom af, geklee met aardse, verheerlikte liggame. "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

43 "Ek sal nie van die vrugte van die wynstok drink nie, of weer eet voordat Ek dit opnuut saam met julle in My Vader se Koninkryk eet nie," die Bruilofsmaal. Vir die drie-en-'n-half jaar wat die antichris sy heerskappy voltooi, word die hele wêreld vernietig, die Jode word uitgeroep, Josef maak homself bekend aan die Heidene, of aan die Jode. Onthou, toe Josef homself bekend gemaak het aan die broers, was daar nie een Heiden teenwoordig nie. Toe hy gestuur het … Julle ken die storie. Josef, die volmaakte tipe van Christus, op elke manier. En toe Josef sy broers laat roep het, en hulle afgekom het, het hy klein Benjamin gesien, en hy het hulle daar gesien en toe het hy … Hulle het gesê: "Wel, hierdie kêrel! Ons—ons moes nie ons broer, Josef, doodgemaak het nie." Die Jode het gesien dat hulle 'n fout gemaak het; nou wanneer Christus, wanneer Hy Homself aan hulle bekend maak. En Josef was so vol, hy moes bynaween, so hy het sy vrou en sy kinders weggestuur en al die wagte en alles anders, en hulle na die paleis gestuur. Presies reg. En toe in die teenwoordigheid van die Jode alleen, het hy gesê: "Ek is Josef, julle broer. Ek is julle broer." En toe het hulle neergeval en begin bewe, gesê: "Nou weet ons ons sal dit kry, omdat ons ons broer doodgemaak het. Ons het gesê ons het ons broer doodgemaak, en nou is hy hierdie groot koning."

Hy het gesê: "God het dit met 'n doel gedoen, om lewe te red." Dis presies waarom God dit gedoen

het, om ons Heidene te red. Maar die Heidene was in die paleis. Halleluja! Omdat Hy verwerp is deur Sy broers, Josef, het Hy 'n Bruid geneem; en die Bruid was 'n Heiden, nie 'n Jood nie. Goed.

44 Nou, waarby kom jy nou? Nadat ons hierdie heerlike liggaam aangetrek het, en die groot eeu wat moet kom; wanneer hierdie verheerlikte liggaam, hierdie hemelse liggaam 'n verheerlikte liggaam gemaak is. Begryp julle nou wat ek bedoel? Dan kan ek loop en sê: "Broer Neville!" Laat ek julle 'n klein illustrasie gee. Ek sê: "Broer Humes, laat ons opgaan na Pappa vanmôre." Hy's God. Ons ken Hom nou, Hy's 'n Verlosser, Hy's 'n Geneser.

Daar was nooit so iets soos 'n skepping van sonde nie. Dit het nie goed afgegaan nie, het dit? Sonde is nie 'n skepping nie. Nee, meneer! Sonde is 'n verdraaiing. Daar is net een Skepper, dis God. Sonde is geregtigheid wat verdraai is. Wat is 'n egbreuk? Geregtigheid verdraai. Wat is 'n leuen? Die waarheid wanvoorgestel. Sekerlik. Wat is 'n vloekwoord? Dis God se seëninge verander in 'n vloekwoord vir God, in plaas van 'n seëning. Sonde is nie 'n skepping nie. Sonde is 'n verdraaiing. So, Satan kon nie sonde skep nie, hy het net verdraai wat God geskep het. Dis presies reg. Dood is net 'n verdraaiing van lewe.

45 Let nou op, let op. Dan sal ek naderkom en ek sal sê: "Broer Humes, laat ons, jy en ek en Broer Beeler en sommige van die broers, ons sal opgaan na Pappa, God. En, sê, laat ons 'n klein reisie onderneem. Julle manne het van berge gehou toe julle …"

"Ja, ons het beslis."

"O, daar's 'n paar miljoen myl van hulle daar oorkant in daardie nuwe wêreld. Gaan voort, loop rond oor hulle."

"Ek moet …?… son elke dag, hoog opkom. Ek sal julle hoor. Terwyl hulle nog praat, sal Ek hoor." Jesaja 66. Dis reg.

46 En julle weet, ek loop daar deur, almal van ons loop daar deur net vir omtrent vyfhonderd jaar, net 'n klein reis, 'n miljoen, maak nie enige verskil nie, sien. En nou—nou klink dit gek, maar dis die waarheid. Sien, dis die waarheid, want daar's geen tyd nie, dis Ewigheid. En wanneer ek daar uitgaan, loop ek daarlangs af, en weet julle wie ek—ek—ek daar ontmoet? Ek sê: "Wel, as dit nie Suster Georgie Bruce daar is nie! Wel, Suster Georgie, 'n lang tyd sedert ek jou gesien het." Lyk net soos altyd. Sien? Sy mag tienmiljoen jaar oud wees, maar net so jonk as wat sy ooit was. Sy sou iemand op die rug krap, en ek kyk daar, dis jagluiperd, die leeu.

Ek sê: "Hoe gaan dit met jou vanmôre, jagluiperd?"

"Miaau," soos 'n katjie. "O, ek het daaronder gepraat met party van die susters tussen daardie groot blomme daar, ons was daar omtrent vyfhonderd jaar, sien, het rondgekyk." Nou, dit klink gek, maar dis die waarheid. Dis presies. Dis hoe God dit bedoel het.

47 Wel, seën jou hart, Suster Georgie. Geen kwaad kan kom nie, glad niks nie. In die aandtyd sal ons bo-op die berg opgaan en sê: "O Pappa, God, ek was eens verlore. O, ek was eenmaal in die gemors van sonde, Pappa, God, en U het my gered."

Wel, mense wat probeer uitdruk het wat mal geword het. Wel, daardie man wat die laaste vers geskryf het van daardie *O Liefde Van God*, wat op die kranksinnige muur van 'n inrigting neergepen was, wat die liefde van God probeer uitdruk het. Hoedat Hy neergebuig het om sondaars te red, en hoe Hy gedoen het, Sy liefde wat neergedaal het om jou en my te red. Praat van aanbidding, Engele weet niks daarvan nie! Die aanbidding, 'n Engel weet net … Hy staan daar en swaai Sy vlerke heen-en-weer, en dwarsoor: "Halleluja! Halleluja!" Maar, o, genade! Wanneer dit kom by die wete ek was verlore en nou is ek gevind, ek was dood, ek lewe weer! O God, ek was sonde, ek was gemors, en ek was op 'n vullishoop!

48 Hier is die beste wat die lewe jou kan gee. Het julle ooit hiernatoe gegaan na Colgate se stortingsterrein? Dis die stinkste plek waar ek ooit was. Daardie ou rook maak my net siek om dit te ruik. Lê daar in al daardie ou rook, so siek in jou maag, draai net die binnekant uit na buite, nadat jy kasterolie gedrink het. Sien, net so siek as wat jy kan wees! En rotte wat oral oor jou hardloop, probeer om jou te eet. En dis die beste van die lewe. En dan reik Iemand af en tel jou op. En jy is baie oud en kan jouself nie help nie. En tel jou net op en verander jou na 'n agtienjarige seun, sit jou bo-op 'n berg, die einste blom van gesondheid, goeiste, goeie asemteug van vars lug soos daardie, goeie koue drinkwater. Sou jy ooit weer na daardie vullishoop wou teruggaan? Moet nooit, nooit, nooit, nooit weer na daardie vullishoop toe gaan nie.

49 Nou, dis wat dit beteken, vriend. Dis wat daardie visioen, of translasie, wat ook al, 'n visioen. Ek sal visioen sê, want ek is bang dit sou iemand seermaak om translasie te sê, dis wat dit was. Nou, dis wanneer God … wat God gedoen het om seuns en dogters na Hom te bring. Nou, wie is hierdie mense? Hoe het hulle ooit … Wat het hierdie mense gedoen om dit te verdien? Hoe het hulle dit ooit gedoen?

God, aan die begin, voor 'n Engel ooit gemaak is … Hoeveel weet Hy is oneindig? As Hy nie is nie, is Hy nie God nie. So, God, in Sy oneindige genade, het Hy gesien dat Lucifer dit sou doen, as Hy dit geskep het. Hy sou hulle op 'n vrye morele agentskap plaas, op daardie basis. En jy is steeds daar, dis reg, die boom van reg en verkeerd voor elkeen van ons, jy maak jou keuse. En Lucifer was die eerste een wat die verkeerde pad gevat het. En hy begin agter hom aan trek, vraatsig, probeer alles vir homself neem, probeer om iemand anders te oorheers. En dis waar dit begin het. Nou, luister hierna. Dis waar sonde begin het. God, in Sy oneindige gemoed, het dit gesien, en die enigste manier gesien …

Nou, julle drie-enige broers, ek wil julle nie seermaak nie, maar hoe in die Naam van die goeie Woord van God kan julle ooit Jesus plaas as 'n aparte persoon van God Self? As Jesus 'n ander persoon kon neem en hom laat gaan en sterf, om hierdie persoon hier te verlos, sou Hy 'n onregverdige wese wees. Daar is net een manier waarop God dit ooit kan doen, sou wees om die plek Self te neem! En God het vlees geword dat Hy die pyne van die dood kon smaak, om die angel en dood van ons weg te neem, sodat ons deur Sy Eie verlos mag word. Dis waarom Hy so aanbid sal word. Jesus was 'n man, sekerlik Hy was. Hy was 'n man, m-a-n, gebore uit die maagd Maria. Maar die Gees wat in Hom was, was God sonder maat, in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon. Hy was Jehova-jireh, Hy was Jehova-rapha, Hy was Jehova-manasse, Hy was Jehova; ons Skild, ons Beskermer, ons Geneesheer; Hy was Alfa, Oméga, die Begin en die Einde; Hy was die Eerste, die Laaste; Hy Was, Wat Is, en Sal Kom; die Wortel en Nageslag van Dawid, die Môrester, wel, Hy was Alles-in-alles. In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon!

50 En die dood het altyd 'n angel gehad, dat dit mense gesteek het: "Aa," sê die duiwel: "ek het jou, omdat jy na my geluister het. Steek jou, ek sal jou in die graf sit. Daardie skaap se bloed kan jou niks help nie, dis net 'n dier se bloed." Maar God, in Sy wysheid, het geweet dat daar 'n Lam sou kom, geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Ja, meneer. En hulle … Hy het gewag vir daardie tyd, vir die volheid van die tyd om te kom.

Maar eendag toe hierdie Lam gekom het, hierdie Man, selfs Satan was geflous. Hy het om Hom gekyk, hy het gesê: "As Jy die Seun van God is, doen *dit*. As Jy die Seun van God is, verrig 'n wonderwerk en laat my Jou dit sien doen. Laat my Jou dit sien doen. Uh-huh, ek sal 'n lap om Sy gesig bind, Jou slaan. As Jy 'n profeet is, sê vir ons wie Jou geslaan het." Hum! "Ek glo nie, ek glo nie Jy is die Kêrel nie. As Jy is, sê ons reguit wie Jy is." Sien, alles soos dit. "O, sê ons wie Jy is!" Hy het nie Sy mond oopgemaak nie. O, o, het Hy toe die wol oor sy oë getrek!

51 Hy het omgekyk na die dissipel en gesê: "Ek kon met My Vader praat en Hy sou vir My twaalf legioene Engele stuur, as Ek wou." Pilatus het dit nie gehoor nie, julle weet.

"As Jy is! As Jy is. O, dit is nie Hy nie. Wel, kyk hoe bloei Hy. Haai, party van julle soldate gaan soontoe en spoeg in Sy gesig." Gespoeg, Hom bespot, handevol baard uit Sy gesig getrek. "O, Hy is nie! Nee, dit is nie Hy nie! Ek sal my angel in Hom anker, seun. Ek sal Hom daarbo kry. Ek het Jou nou!"

Toe Hy laaste uitgeroep het: "Eli! Eli! My God! My God!" Dit was 'n man. "Waarom het U My verlaat?"

In die tuin van Getsémane het die salwing Hom verlaat, julle weet, Hy moes sterf as 'n sondaar. Hy het gesterf as 'n sondaar, julle weet dit; nie Sy sondes nie, maar myne en joune. Dis waar daardie liefde ingekom het, hoe Hy myne geneem het! O, halleluja, hoe Hy myne geneem het!

52 En daar was Hy, Hy kon nie Sy mond oopmaak nie. Angel het gesê: "Jy weet, ek glo dit was net 'n gewone man. Hy was nie maagdelik gebore nie, want ek het my angel in Hom geanker."

En hier kom hy, steek sy angel in Hom, maar dit was die verkeerde tyd, seun! Hy het toe sy angel uitgetrek. Hy kan nie meer van toe af steek nie, hy het sy angel daarin gelos. Het op die derde dag opgestaan, en gesê: "Ek is Hy wat dood was en weer lewe, en lewend vir ewig, ek het die sleutels van dood en hel." Ja, meneer. Hy het gefaal om te sien Wie dit was. "En omdat Ek lewe, sal julle ook lewe. Dit is nog nie geopenbaar …"

53 Eendag, drie of vier dae daarna, nadat Hy opgevaar het na die Vader, teruggekeer het, toe het sommige gesê: "O, Hy's 'n … Hy—Hy moet 'n spook wees. Daar moet soort van iets spookagtig wees aangaande daardie Kêrel. En ons … Julle het Hom gesien. Julle sien die visioen."

"Nee, Hy was die ware Jesus."

Thomas het gesê: "Laat ek Sy hande en alles sien, dan sal ek julle sê of dit is."

Hy het gesê: "Hier is ek." Gesê: "Het julle enige vis en brood daar? Bring vir My 'n toebroodjie." En hulle het vir Hom 'n toebroodjie gebring, en Hy het daar gestaan en dit geëet. Het gesê: "Nou, eet 'n gees soos ek eet? Het 'n gees vlees en bene soos ek het?" Sien? Hy het gesê: "Ek is Hy. Ek is dit."

54 En Paulus het gesê: "Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy

verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." Wat? Het Hy ooit daardie teofanie liggaam gehad? Ja, meneer! Toe Hy gesterf het, het die Bybel gesê dat "Hy," dis weer 'n persoonlike voornaamwoord: "Hy het hel toe gegaan en gepreek vir die siele in die gevangenis." Halleluja! Hoe het Hy dit gedoen? Hy het sintuie van gevoel gehad, Hy het sintuie van gehoor gehad, Hy het sintuie van spraak gehad, Hy het gepreek met daardie selfde soort liggaam waarin ek daardie verheerliktes die ander aand gesien het. Hy het gepreek vir die siele wat in die hel was, wat nie bekeer het in die lankmoedigheid van die dae van Noag nie.

Maar toe Hy op Pase opgestaan het, was dit nie moontlik dat daardie liggaam verderwing sou sien nie, want Dawid die profeet het dit vooruitgesien: "Ek sal nie Sy siel in die hel laat bly nie, ook sal Ek nie My Heilige verderwing laat sien nie. Verder sal My vlees in hoop rus, want Hy sal nie My siel in die hel laat bly nie, ook sal Hy nie My Heilige verderwing laat sien nie." En op twee-en-sewentig uur voor verderwing kon begin, het die teofanie, daardie liggaam wat gegaan en gepreek het vir die siele wat in die gevangenis was, wat hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid van die dae van Noag nie, het weer opgestaan, en die sterflike het onsterflikheid beklee, en Hy het gestaan en Hy het geëet, en Hy het vir ons gesê dat Hy 'n Man was. Halleluja!

55 Dis hoe ons Hom sal sien, Broer Evans. Dis wanneer Hy op die troon van Dawid sal sit. Halleluja! Dis wanneer ons nou op en af sal stap, ek sal 'n reis saam met julle neem oor die berge vir 'n miljoen jaar, sien, net 'n paar dae, net 'n paar minute, ons sal oorgaan daarheen, daar oorkant sit.

En wanneer dit tyd geword het om te eet, jy weet, eerste ding wat jy weet, Suster Wood het gesê … Ek het gesê: "Suster Wood, wel, waar was jy al hierdie tyd? Ek het jou nie gesien vir … lyk vir my asof dit vyftien minute was nie."

"O, dis tweeduisend jaar gelede, Broer Branham."

"Uh-huh. Hoe voel jy?" O, natuurlik kan jy niks anders as goed voel nie.

"Sê, kom hier, kêrels, ek sal julle almal iets wys, broers, my lieflingbroers. Hier is 'n fontein van water hier, die beste wat jy ooit gedrink het. En, o, ons sal goeie koue water kry om te drink. Ek sal opreik en 'n yslike groot tros druiwe kry, en ons sal almal daar gaan sit en dit eet." Sal dit nie wonderlik wees nie? Dis presies wat dit is. Dis net dit.

56 Hoe het ons dit gekry? Hoe weet ons dit? God, voor die grondlegging van die wêreld, het ons voorbestem! Wie? Diegene wat in die beloofde Land is.

> *… deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,*
>
> *tot lof van die heerlikheid van sy genade ...*

Dat ons Hom kan prys soos Hy gesê het. Dis wat Hy was, God. Ons wil Hom prys.

> *… tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.* In Christus word ons aanvaar.
>
> *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van s-o-n-d-e-s ...*

57 Ek moet teruggaan na aanneming, maar ek wil stop by "sondes" hier 'n oomblik. "Sondes," het julle dit opgelet? Julle weet God veroordeel nie 'n sondaar vir sonde nie? Hy veroordeel hom omdat hy 'n sondaar is. As 'n sondaar 'n sigaar rook, veroordeel Hy hom nie daarvoor nie; hy's in elk geval 'n sondaar. Sien? Sien? Hy het nie enige sondes nie, die sondaar het nie. Hy's net 'n sondaar, sien, hy het geen sondes nie. Maar julle het sonde, julle wat Christene is. Julle let hier op hy praat met die Kerk. Hou haar reguit. Sien? Sien? "Vergifnis van sondes," s-o-n-d-e-s. Ons doen sonde. Maar die sondaar is net 'n sondaar, God vergewe hom nie.

58 Nou, julle sê: "Wel, hy het hierheen gegaan en 'n man geskiet. Wat gaan jy daaromtrent doen?" Dit is niks van my besigheid nie. Ek is nie 'n hervormer nie, ek is 'n prediker. Die wet sal daarvoor sorg, hulle is hervormers. Hulle is … "Wel," sê: "hy het egbreuk gepleeg." Dit, dit—dit hang van die wet af. Dis tussen hom en die wet. Ek—ek—ek—ek is nie 'n hervormer nie, ek hervorm nie mense nie. Ek wil hulle bekeer hê. Ek is 'n prediker, sien, my besigheid is om hom by God te kry. As hy gesondig het, dis sy saak, hy's 'n sondaar. God veroordeel hom op 'n hoër vlak. Hy's 'n sondaar om mee te begin, hy's veroordeel om mee te begin. Hy het nie eens by die eerste basis gekom nie, hy—hy—hy is nêrens. Hy's 'n sondaar om mee te begin. Hy het nie enige sondes nie, hy's 'n sondaar.

59 Jy kan nie uitgaan en sê: "*Soveel* is nag, en *soveel* is nie nag nie." Nee, dis alles nag, net alles nag. Dis wat God gesê het. Dis reg, hy's net 'n sondaar, dis al. "Nou, hy het dit gedoen, *soveel* is nag, *hierdie* is baie helder nag net hier." Ek weet, maar dis net alles nag, dis al. Sien?

Ek kon nie sê nie: "*Soveel* is lig hier." Nee, dis net alles lig, sien, net lig, jy kan nie sê hoeveel nie. Sien? Maar as hy 'n swart kol *hierin* is, dan is daar duisternis daarin.

60 So "sondes," s-o-n-d-e-s, ons het vergifnis van ons sondes deur Sy (wat?) Bloed, kosbare Bloed.

… na Sy rykdom in die …

Hoe vergeet ons dit? Omdat ons waardig is, het ons iets gedoen om ons sondes vergewe te hê? Sy wat?

… genade;

O, goeiste! Niks in my arms nie bring ek, Here. Niks kan ek doen nie, daar is nie 'n ding wat ek kan doen nie. Kyk! Hy het my voorbestem, Hy het my geroep, Hy het my gekies. Ek het Hom nooit gekies nie. Hy het my gekies, Hy het jou gekies, Hy het ons almal gekies. Ons het Hom nie gekies nie. Jesus het gesê: "Julle het My nie gekies nie, Ek het julle gekies." Hy het gesê: "Niemand kan na My toe kom tensy My Vader hom eerste trek nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. En nie een van hulle is verlore nie, behalwe die seun van die verderf, om die—die Skrif te vervul." Sien julle? Het gesê: "Maar al wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom."

61 O, ek raak te laat, is ek nie? En ek het nooit hieruit gekom nie. Ek het nog nie hieraan begin nie. Laat my opskud, ek moet net nou vinnig by iets uitkom, en ons maak gou. Ek moet net 'n oomblik terugkom na hierdie aanneming. O, sal julle my vergewe net vir—net vir 'n oomblik? Laat ons dit hier kry, sommige van hierdie mense is al die pad van Georgia hier net vir vanaand, seën hulle hart. Nou, broer Georgianer, en Texas en waar jy ook al vandaan kom, luister na hierdie 5de vers. Laat ons 'n paar minute daarop vertoef.

Deurdat Hy ons voorbestem het tot—tot …

62 Wat beteken die woord "tot", die woord "tot"? Dit beteken iets waarnatoe ons kom, na. "Ek gaan na die fontein. Ek gaan na die stoel toe." Humes, begryp jy dit? "Ek gaan na die lessenaar toe."

Nou, *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,*

Hoeveel welbehae? Wie se welbehae was dit, wie se goedheid? Sy Eie. Sy Eie welbehae van Sy Eie Wil!

63 Nou, wat is "aanneming"? Nou laat ek dit nou kry, ek weet nie of … Ek sal nie tyd hê om hierdeur te kom nie, maar ek sal dit tref. Dan as daar 'n vraag is, kan julle my 'n bietjie later een of ander tyd vra oor iets in 'n boodskap, iets. Luister. Jou aanneming is nie jou geboorte nie. Jou aanneming is jou plasing. Toe jy wedergebore is, Johannes 1:17, glo ek, wanneer ons gebore is uit die Gees van God, is ons seuns van God. Maar ons was voorbestem. Nou hier is waartoe ek julle probeer kry, vir hierdie seuns van die laaste dag, julle sien. Om … Sien? Ons was voorbestem tot (tot) aanneming.

Nou, nou hier is ons. Nou, dit is wat Pinkster 'n bietjie seermaak. Hulle sê: "Ek is wedergebore! Prys die Here, het die Heilige Gees!" Goed. Jy's 'n kind van God. Dis reg. Maar tog is dit nie waarvan ek praat nie. Sien, jy was voorbestem tot aanneming. Aanneming, dis om 'n seun te plaas.

Ek is te naby daaraan, want Becky het vir my gesê dat ek te naby daaraan kom, dan kan julle daar agter nie hoor nie. Ek is …

64 Sien, 'n kind. Hoeveel ken die reëls van aanneming in die Ou Testament? Natuurlik, julle het gekyk. 'n Seun was gebore. Ek glo ek het dit in een of ander preek. Wat is dit, Gene, onthou jy? Dis op 'n band. O, wat was dit? Ek—ek—ek—ek het daaroor gepraat. O, ja, ek het dit, *Luister Na Hom*. *Luister na Hom*; die aanneming van kinders.

Nou, in die Ou Testament, toe 'n—toe 'n kind in 'n familie gebore is, was hy 'n kind toe hy gebore is, want hy was gebore uit sy ouers, hy was 'n seun van die familie en erfgenaam van alle dinge. Nou, maar hierdie seun is grootgemaak deur leermeesters. Galásiërs, 5de hoofstuk, 17de tot die 25ste vers. Goed. Hy is grootgemaak deur leermeesters, opvoeders, onderwysers. Nou, byvoorbeeld, as daar vir my 'n seun gebore word, sê, ek's 'n vader en …

65 En dis die rede in die King James, hoeveel het ooit gedink hoe snaaks dit lees in die King James Weergawe, het gesê: "In My Vader se huis is baie wonings"? 'n Huis, baie wonings. Sien? Eintlik, in die—in die dae toe die Bybel vertaal is vir die King James, was 'n *huis* 'n "domein." "In My Vader se *domein* is baie wonings." Nie in 'n huis, wonings, nie, maar Hy is die Vader van hierdie domein genoem. Hulle het dit baie Bybels gehad, in die Bybel is dit hoe dit is.

Wanneer 'n vader 'n yslike groot duisend akker plaas gehad het, of iets anders, het hy 'n klomp

mense gehad wat *hier* gewoon het. Hy het arbeiders gehuur wat *hier* gewoon het om skape te versorg, hy het 'n paar *hier* gehad om vir beeste te sorg, hy het 'n paar *hier* gehad wat opgegaan het na die gebied daarbo, honderd myl ver, en hy het 'n paar reg *hier* gehad om vir bokke te sorg, en hy het 'n paar gehad wat na muile en—en verskillende dinge omgesien het. Hy—hy het net 'n groot koninkryk gehad. En hy het op sy klein donkie geklim en hy het omgery na elkeen en gesien hoe hulle aangaan, die skaapskeerdery en alles soos dit. Hy het nie tyd gehad …

Julle kan my nie hoor wanneer ek daar wegstap nie. Ek—ek—ek sal probeer om hier te bly. Kan julle my nou goed hoor, hier? Kyk.

66 Hy het weggery, en weggegaan, probeer om—om te sorg vir sy—sy—sy koninkryk. So nou wil hy hê … Daardie seun gaan erfgenaam wees van alles wat hy het. Hy's 'n erfgenaam.

En wanneer ons gebore word in die Koninkryk van God, deur Jesus Christus, is ons erfgename van die Hemel, mede-erfgename met Jesus, omdat Hy ons plek ingeneem het. Hy het ons (sonde) geword, sodat ons Hy (geregtigheid) kon word. Sien? Hy het ek geword sodat ek Hy kon word, sien, mede-erfgename met Hom. Goed, onthou dit nou, aan elkeen van julle.

67 Nou, onthou, God het julle voorbestem, deur voorkennis, dat julle Hiernatoe sou kom. Almal wat dit verstaan, steek jou hand op, sien. God, deur voorkennis, het jou voorbestem om na die beloofde Land te kom. Wat is die beloofde Land vir die Christen vandag? Steek net jou hand op as jy weet. "Die belofte is aan julle en julle kinders, aan hulle wat daar ver is. En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees, julle seuns en julle dogters." En in Jesaja 28:18: "Gebod moet op gebod wees, reël op reël; hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Want met stamelende lippe en ander tale sal Ek tot hierdie volk spreek. En dit is die rus, (die—die Rus) die sabbatland wat Ek gesê het waarin hulle moet gaan. En vir dit alles wou hulle nie hoor nie, maar hulle het hulle koppe geskud en weggeloop, en wou Dit nie hoor nie." Sien? Presies.

68 Wat was dit? Net presies soos daardie mense wat al die pad van Kanaän af gekom het, of uit Egipte, al die pad bo deur die wildernis, en reg langs gekom het, naby genoeg om druiwe te proe wat uit die land gekom het. Broer, daar, daardie manne wil hê ek moet dit terugtrek, dit in Hebreërs 6. Hoe kan ek dit doen? Hulle is grenslyn gelowiges, hulle sal nooit oorgaan nie! Hulle kan nie oorgaan nie. Jesus het gesê.

Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die woestyn."

En Jesus het gesê: "Hulle is almal dood." Dis geskei. Hulle is almal dood. Dis reg. Het gesê: "Maar ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. Die man wat hierdie Brood eet, hy sal nooit sterf nie. Dis reg. Ja, meneer, hy het Ewige Lewe as hy Dit eet, ek is daardie Boom van die Lewe uit die tuin van Eden."

69 Nou, sien, hierdie mense kom so naby! Sien, as julle in Hebreërs 6 oplet, nie teruggaan daarna nie, maar in Hebreërs 6: "Hierdie mense wat eenmaal deelgenote gemaak was, wat so naby gekom en die Hemelse gawe gesmaak het." Hulle het rondgesit, hulle het genesings gedoen gesien, hulle het mense in die krag van God gesien, hulle het lewens gesien verander, maar hulle wou nie 'n hand Daarop sit nie. Nee, meneer. Nee, meneer. "En het die krag van die toekomstige wêreld gesmaak; en as hulle probeer om hulleself weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle vir hulleself die Seun van God opnuut gekruisig het en die Bloed van die verbond geag het waarmee hulle geheilig is …"

"Ek behoort aan 'n kerk wat in heiligmaking glo." Dis goed sover dit gaan, maar jy gaan nie ver genoeg nie. Sien? Ja, meneer. Die wildernis het hulle geheilig. Ja, inderdaad. Hulle het die—hulle het die koperslang gehad en die—die koperaltaar, en alles daarbuite, heiligmaking, maar hulle het in Palestina ingegaan vir rus. Het nie …

70 Kyk daar in Hebreërs 4, het hy nie gesê "'n ander Rus" nie? God het die sewende dag geskep en hulle rus gegee op die sewende dag. Op 'n ander plek het hy gepraat van 'n rusdag: "en vandag in Dawid." Dan gee Hy hulle nog 'n Rus: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle rus gee." Gaan in hierdie Rus in! Want ons wat in hierdie Rus ingegaan het, het van ons werke opgehou soos God van Syne gedoen het op die sabbat. Sekerlik. Daar's jou sabbat, Rus. Daar's jou ware Rus in hierdie beloofde Land.

Die Heilige Gees is 'n belofte van die mense. En waarom sal hulle opgeleide geleerde predikers wil hê wat hulle kortbroek sal laat dra en hulle hare sny, en lipstiffie dra, en manne wat dobbel en bier drink en grappe vertel, en aangaan en aangaan soos daardie, en hulleself lidmate van die kerk noem? Wel, hulle sal so iets neem en die leierskap van die Heilige Gees weier! Wel, die Bybel het gesê die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard wat die been skei, en selfs die onderskeier van die gedagtes van die hart. Ja, selfs die gedagtes van die hart.

71 En as ons die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in ons nie. "Baie is geroep, min is uitverkies; want nou is die poort en smal is die weg wat na Lewe lei, en maar min

sal daar wees wat dit sal vind. Baie sal na My toe kom in daardie dag en gaan sit in die Koninkryk," het Jesus gesê: "saam met Abraham, Isak en Jakob. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word, en sê: 'Here, het ons dit nie in U Naam gedoen nie? Het ons nie gepreek nie? Was ons nie Doktor *So-en-so* en Eerwaarde *So-en-so* nie?' Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nie geken nie. Nie almal wat sê: 'Here, Here,' sal ingaan nie. Maar die een wat die Wil van My Vader doen wat in die Hemel is, dis die een wat ingaan."

72 Daar het julle dit, gaan hierdie beloofde Land binne. Hoe kom ons daarin? Ons is voorbestem daartoe. Die Kerk, deur die voorkennis van God, is voorbestem (tot wat?) tot Sy eer, deur Sy genade, tot die glorie en aanbidding en heerlikheid van God. Pappa, wat daar agter gesit het in die begin, selfbestaande, niks om Hom nie, wou iets hê om te aanbid, so Hy het 'n kerk verordineer en voorbestem, en voor die grondlegging van die wêreld, en hulle name in die Lam se Boek van die Lewe geplaas, toe hulle … geslag voor die grondlegging van die wêreld, sodat hulle kan verskyn tot Sy heerlikheid en tot Sy lof aan die einde van die tyd, wanneer alle dinge in daardie een Man, Christus Jesus, sal vergader. Sjoe! Glorie! Dis dit. Dis net … En dis dit net daar, my broer, suster. Moenie ooit Daarvan wegbeweeg nie.

73 God, deur Sy uitverkiesingsgenade, het jou geroep. God, deur Sy uitverkiesingsgenade, het jou geheilig. God, deur Sy uitverkiesingsgenade en Sy krag, het jou gedoop en jou in hierdie land van Rus geplaas. Hulle wat in hierdie Rus ingegaan het, het opgehou om te verdwaal. Hulle het opgehou met hulle werke soos God van Syne gerus het. Hulle het onuitspreeklike vreugde, en vol heerlikheid! Die Boom van die Lewe blom in hulle. Hulle het lankmoedigheid, vriendelik, goedheid, geloof deur geduld, geloof, sagmoedigheid, vriendelikheid, ensovoorts. Die Boom van die Lewe blom in hulle omdat hulle hoop geanker is in Christus Jesus, die getuienis van die Heilige Gees wat getuig met tekens en wonders wat die gelowiges volg. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Soos hulle aangaan, genees hulle die siekes, hulle dryf duiwels uit, hulle praat in tale, hulle sien visioene. Hulle … En hulle wandel met God, hulle praat met God. Geen duiwel kan hulle beweeg nie, hulle is standvastig, op soek na …?… Deur die dinge in die verlede te vergeet, beur hulle voort na die teken van die hoë roeping in Christus Jesus. Daar is hulle. Daar is hulle. Dis daardie Kerk.

74 Hoe het hulle daar gekom? Jy kan nie sê: "Wel, Here, U weet, eendag het ek sigare begin rook, en ek het geval, toe het ek gedink ek sou …" O, nee, nee, nee, nee.

Voorbestemming! Hy het ons geroep en toe ons Hom gevolg het, is wanneer ons sê: "God, ons was verlore en ongedaan. Ons het nie eens 'n gedagte gehad om onsself te red nie. Ons was die natuur van 'n vark, ons was varke om mee te begin."

Jy gaan uit na 'n varkhok en kyk na 'n ou sog, en sê: "Nou, kyk hier, ou dier, ek wil jou iets vertel. Dis verkeerd vir jou om slop te drink."

Sy sou sê: "Oink-oink." Sien? Nou, dis net soveel as wat jy het om jouself te red. Dis presies.

75 Jy sê: "Dame, jy moet nie sulke klere dra nie, jy moet netjies aantrek. Jy behoort *dit* te doen. Jy behoort nie te gaan na … Jy behoort nie hierdie kaartpartytjies te hou nie. Jy behoort nie sigarette te rook nie. Jy behoort *dit* nie te doen nie. Meneer, jy behoort *dit* nie te dra nie."

Hy sê: "Oink-oink. Ek behoort aan die *Oink-oink*." Uh-huh. "Oink," dis net omtrent soveel as wat hulle weet. "Wel, ek sal jou laat weet ek is net so goed as wat jy is. Oink-oink!" Sien, hulle verwerp die leierskap van die Heilige Gees, want die Bybel het gesê dat as jy die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie.

76 Wat maak hulle eienaardig? Julle is 'n heilige volk. Wat het julle gedoen? Het uit daardie land gegaan. Julle is oor in 'n ander Land. Hoe het julle daar gekom? Dis die beloofde Land. Watter soort belofte? "Dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, Ek sal My Gees uitstort op alle vlees." Deur een Gees word ons almal gedoop in hierdie een beloofde Land in. Amen. Broers en susters, halleluja, met die reinheid van die hart, geen jaloesie, geen vyandskap, niks! Ek gee nie om of 'n broer afdwaal nie, maak nie saak wat hy doen nie, jy sal agter hom aangaan.

77 Ek het agter 'n broer aangegaan nie lank gelede nie, wat afgedwaal het. 'n Jong kêrel het vir my gesê, gesê: "Laat daardie vabond gaan. Laat hom alleen."

Ek het gesê: "As ek ooit by 'n punt kom dat my hart nie saam met my broer gaan nie, dan is dit tyd vir my om na die altaar te gaan, want ek het van genade weggeval." Ek het gesê: "Ek sal gaan solank as wat hy asem in sy liggaam het, en ek sal hom iewers langs die lyn vang." Ja, meneer. En ek het hom gevang, halleluja, hom teruggebring. Ja, meneer. Hy is nou veilig terug in die kraal. Ja, meneer. Hy sou weggedwaal het so seker soos die wêreld.

78 'n Ruk gelede toe ek daardie arme vroutjie daar sien sit het, en die balju het my gebel, gesê: "Wel, sy behoort in 'n dwangbaadjie te wees." Gesê: "Sy's net deurmekaar, sy's van haar kop af." Sy—sy, hulle het haar in 'n hotel gesit. Hulle het gekom. Ek het gesê: "Dis in orde."

Gesê, balju het gesê: "Wel, Billy!" Ek ken hom baie goed, en het hom geken vandat ek 'n kind was. Hy het gesê: "As daar enigiets is wat ek kan doen om jou te help."

Ek het gesê: "Dis in orde."

Gesê: "Kan jy haar help?"

Ek het gesê: "Nee, maar *Hy* kan." Ek het gesê: "Net 'n oomblik."

So hulle het haar daarheen gebring. En toe sy 'n rukkie gelede vertrek het, in vrede. Wat was dit? Ons het 'n gebed uitgestuur agter haar aan. Amen! Sy was so …

Hulle het gesê: "Wil jy 'n dokter kry?" Het vir haar man gesê: "Wil jy 'n dokter kry?"

Gesê: "'n Dokter kan niks vir haar doen nie." En dis reg. Sy's kranksinnig; dokter kan niks vir haar doen nie.

Gesê: "Ons enigste hoop is om *daar* te kom."

En hy het gesê: "Billy, ek verstaan dit nie."

Ek het gesê: "Ek verwag nie dat jy sal nie, sien. Verwag nie dat jy sal nie."

79 Maar, o, goeiste, ek verstaan dit ook nie! Nee. Maar, broer, God in die Hemel … Ek was weg, eenkeer daar oorkant, Iets het agter my aangekom. Amen! Dit was nie omdat ek wou kom nie, maar, nee, Iets het agter my aangekom. Want voor die grondlegging van die wêreld, het God voorbestem, halleluja, dat ons Syne sou wees, tot Sy eer en heerlikheid. Luister! Hulle wat Hy vooraf geken het, het Hy wat? Geroep. Dit reg? Het Hy jou geroep? Ja! Waarom het Hy jou geroep? Hy het jou vooraf geken. Diegene wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep; diegene wat Hy geroep het, het Hy geregverdig. Is dit reg? En diegene wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik! Amen! Dis wat die Bybel gesê het. Diegene wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep. Elke geslag! Diegene wat Hy geroep het, het Hy alreeds verheerlik. Wat? Laat my die Skrif hier lees. Goed.

> *Deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil,*
>
> Tot lof van Sy heerlikheid …

O, begryp julle dit? Tot die lof van Sy heerlikheid! Dat Hy daar kon sit in die Ewige eeue wat moet voortrol, en Sy kinders sou skree: "Abba, Vader! Abba, Vader!"

En die Engele sê: "Waarvan praat hulle? Waarvan praat hulle?"

80 So pragtig vertoon in die verlore seun. "Ek was verlore." "Hierdie is my seun. Hy was verlore en nou is hy gevind. Hy was dood, en hy lewe weer. Bring die vetgemaakte kalf voort, die beste kleed, 'n ring en sit dit aan sy vinger. En laat ons …" Geen wonder nie toe die môresterre saam gesing het, die seuns van God geskree het van vreugde, toe hulle die plan van verlossing gesien het, God wat jou naam op die Boek geplaas het voor die grondlegging van die wêreld.

81 Nou sê julle: "Calvyn het so iets geglo." Ek het nie Calvyn geglo nie. Calvyn was 'n moordenaar. Calvyn het 'n man doodgemaak omdat hy in Jesus se Naam gedoop het. Hy was 'n skurk, nodig om self bekeer te word. Ja, meneer. Maar wat hy gesê het, oor party van die dinge wat hy gesê het, was reg. Moenie … maar wat hy … Sy optrede, 'n man wat 'n man doodmaak vir so iets, dis verskriklik, dis sondig. Goed.

> *aWt Hy oorvloedig aan ons bewys het ...*

82 O, wag, ek het nie daardie "aanneming" gekry nie, het ek? Is ek te laat? Laat ons sien wat hierdie horlosie hierbo sê, hoeveel tyd ons het. Goed. Net—laat ons net tien minute neem ter wille van hierdie mense wat so lank gekom het. Kyk. Kyk.

83 "Aanneming," laat ek julle wys waarom dit nou gedoen word. 'n Vader het 'n groot koninkryk, hy ry rond. Nou hy het 'n seun wat gebore is. O, hy's so bly! (Dis God.) So weet julle wat daardie vader doen? Hy vind die allerbeste opvoeder, leermeester. Julle weet wat 'n leermeester is, nie waar nie? Dis 'n skoolonderwyser. Hy vind die heel beste onderwyser wat hy in die hele land kan kry. (En dan gaan ons nou, luister.) En hy vind die beste skoolonderwyser wat hy kan kry. Hy kry nie net 'n niksnuts nie, hy wil hê sy seun moet 'n ware kêrel wees.

Wil julle nie julle kinders so hê nie? Sekerlik, die beste wat julle hulle kan gee! Ja, meneer. So as 'n natuurlike man dit gedink het, waaraan dink jy dink God vir Sy kinders? Die beste wat Hy kon kry.

84 So, hy wil 'n man hê wat eerlik sal wees. Nou, hy wil nie … hê 'n man moet sê: "Nou, kyk, ek—ek …

Junior, jy doen net enigiets wat jy wil, skat." "O, ja, vader, uh-huh, hy gaan goed aan, hy's 'n goeie seun." Kry 'n kloppie op sy rug en 'n strooi in sy hoed. Nee, nee. Daardie kêrel sou nou dadelik ontslaan word. Sekerlik. Hy wil 'n man hê wat eerlik sal wees. As daardie seun regkom, sê hom. As hy nie is nie, sê hom wat verkeerd is.

En as 'n aardse vader gedink het dat … Sou jy nie wou hê 'n man moet eerlik wees met jou, die skooljuffrou eerlik wees oor jou kinders nie? Sekerlik. Wel, wat dink julle dink God? En Hy weet; ons nie, Hy weet. Ons is eindig, ons kon nie sê nie. Maar Hy is oneindig en weet wel.

85 So, julle weet wat die Vader gedoen het? Hy het nooit gesê: "Ek gaan 'n pous kry om oor My kinders te waak nie." Ook het Hy nie gesê: "Ek gaan 'n—'n biskop kry." Nee, nee. Hy het dit nie gedoen nie, want Hy het geweet die pous sou verkeerd wees, so sou die biskop. Sien? Hy het nooit gesê: "Ek gaan 'n algemene opsiener kry om oor My kerke te waak nie." Nee, nee.

Hy het die Heilige Gees gekry. Dit was Sy Leermeester, uh-huh, om Sy kinders groot te maak. Goed. Dan hoe sou jy weet die Heilige Gees weet dit? Hy spreek deur menslike lippe. Hoe weet jy dan dat Hy die Waarheid vertel? Wanneer jy die Heilige Gees deur lippe sien praat wat die Waarheid presies elke keer vertel, voorspel en net perfek gebeur, soos Samuel gesê het, dan weet jy dis Waarheid. Dit kom reg. Want God het gesê: "As hy praat en wat hy sê nie gebeur nie, moenie na hom luister nie, want Ek is nie met hom nie. Maar as hy dit doen, wel, luister dan na hom, want Ek is met hom." Sien? Daar het julle dit. Dis hoe Hy maak.

86 Nou, dan gaan Hy rond. Nou, wat dink julle sou Leermeester sê as Hy na die Vader toe moes gaan? En sê: "U—U kinders tree verskriklik op. Ek sê vir U, daardie seun van U, hy, hmmm, hy's 'n afvallige. Hy's rof, ek het nog nooit so 'n kêrel gesien nie! Goeiste, weet U wat hy doen? En daardie meisie van U! O, sjoe, ek weet nie wat U met haar gaan doen nie. Hmm. Wel, weet U wat? Sy lyk net asof sy … Sy's geverf net soos party van daardie meisies daar oorkant. Filistyn. Ja, Meneer, sy wil optree net soos hulle optree."

"My dogter?"

"Ja, U dogter." Dis wat die Heilige Gees te sê het oor die kerk vandag. Geen wonder ons kan nie 'n herlewing hê nie. Sien? Nou, dis waar.

"Wat van U seun? Huh? Dieselfde ding."

"Wat?"

87 "Wel, U weet U het altyd gesê dat daardie skape moet wei in daardie weiveld daar bo, op daardie skaapkos daar bo. Ja, weet U wat hy gedoen het? Hy het hulle in daardie onkruidstapel daar onder gejaag. Het hulle net soontoe geneem en hulle almal in daardie spruit gegooi, en hulle laat rondlê in daardie onkruidstapel, daardie ou wilgers geëet, en hulle is so swak, hulle kan skaars daar uitkom." Dis biskoppe, pastore wat die Krag daarvan ontken. "Wel, ek vertel U die waarheid, ek het nog nooit so 'n klomp senuweeagtige skape in My lewe gesien nie." Hy hou nie daarvan nie. Nee. "En weet U wat? Daardie beeste hierbo, U weet U—U het vir hulle gesê voed op daardie—daardie lusern daarbo, U weet, om hulle vet te maak?"

"Ja."

"Weet U wat hy hulle gee?"

"Nee."

"Daardie ou ysterkruid. Ja. Hy laat hulle by verenigings aansluit en alles. U het nooit so iets in U lewe gesien nie. U het nooit so iets in U hele lewe gesien nie. Weet U wat hy doen? Gaan daarbuite en rook 'n groot sigaar, leun agteroor. Hy het sy vrou by hom, sy dra kortbroeke net soos die Filistyne daarbuite doen. Ja." Dis die soort boodskap wat die Heilige Gees oor kerk vandag moet neem. Nou, wat dink julle daarvan?

Dis aanneming. Wat Hy … het Hy gedoen? Hy het ons—ons voorbestem tot aanneming. Hy het ons die Heilige Gees gegee; maar wag 'n oomblik, aanneming, dis waarvan ons praat. Aanneming!

88 "Wel, weet U wat hy doen? Die biskop het nou die dag verby gekom en vertel. Hy het 'n klein genesingsdiens daaronder gehad, en die biskop het verbygekom. 'n Kêrel, 'n broer het verbygekom en vir die siekes gebid. En hy het gesê: 'Jy stop dit!'

"'O, o, ja, vader biskop, ek sal dit doen.'

"'Moenie saamwerk nie.'

"'O, nee, nee, vader biskop, sekerlik nie.'

"En hier kom ek en vertel hom die Waarheid reg uit U Woord. Sien, hier is Dit. Ek lees U wette vir hom presies wat om te doen, en hy sal nie na hulle luister nie. Hy het gesê: 'O, dit was vir 'n ander eeu, 'n ander seun in 'n ander tyd. Dit beteken nie ek nie.'" Daar het julle dit. Dit, nou dis Waarheid, vriend. Nou sien julle nie waar die kerk sy plasing mis nie, waarom ons nie herlewing het nie, waarom ons nie dinge aan die gang het nie? Dis waar dit lê.

89 Josua sê: "Gad, ek wil hê jy moet … reg hierbinne lê jou plek volgens die bloudruk, jou plek lê hier, net hier. Gaan jy hier in, Gad, en bly hier. Benjamin, gaan jy net hiernatoe. En nou bly julle almal weg van die grens van die Filistyne af." En Josua kom terug, hier is hulle oral tussen die Filistyne, het 'n groot ou dansfees, dans net so op soos dit, en al die vroue geverf, en dans rond en kuier lekker. En Josua krap sy kop, en sê: "Wat nou?" Nou dis net presies wat plaasvind; nie almal nie, dank God, nie almal nie, maar teveel. Goed.

90 Nou wat vind dan plaas? Dis wat gebeur het. Verbeel julle julle nie dat die Man, die Heilige Gees, bloos voor die Vader wanneer Hy dit moet sê nie? O, goeiste! "Ek—ek—ek het hom gesê, maar hy—hy—hy wou nie Daarna luister nie. Ek het dit vir hom gesê en hom net daar in die Boek laat lees. Ek het—ek het 'n klein predikant laat aankom en hom gewys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En weet U wat? Hy het een van hulle laat—een van daardie ou bokwagters hierheen laat kom en hom vertel dat dit vir 'n ander eeu was. Sien? En hy het so sleg geruik teen die tyd dat hy daar oorkant gekom het, met bokreuk, U weet, sigare, en U weet, ensovoorts, het so erg geruik toe hy hier gekom het. Sien? Maar ek sê U, daardie bokwagter het genoeg medaljes op hom vasgespeld gehad, want, ek sê U, as U sy naam in die koerant sou skryf, sou dit (sy doodsberig) 'n halwe bladsy neem vir sy titels. Ja, Meneer, hulle hou sekerlik van hom daar in daardie land, maar, ek sê U, hy weet beslis nie hoe om skape te voer nie. Dis een ding daaromtrent. Hy wil net nie na My luister nie," sê die Heilige Gees. "Ek het vir hom probeer sê dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, maar hy—hy wil dit net nie doen nie. Hy is die grootste lafaard wat ek ooit in My lewe gesien het. Ja. En die kerk het hom 'n opsiener gemaak, 'n biskop, ensovoorts, al die mense luister na hom. En dan weet U wat? Hulle neem daardie … hulle het 'n ou ding daaronder wat hulle 'n 'televisie' noem. Jy skakel 'n ou ding aan soos daardie, en—en daardie vroue kom aan en gaan aan, allerhande soorte halfpad rokke. En, U weet, baie van U dogters is pat- …"

"O, sekerlik nie!" Sien?

91 Sê: "Ja, hulle is. Ja, hulle doen dit. Hum. Party van hulle roep uit vir herlewing, Vader, party van hulle wil dit regtig hê. Party van hulle gedra hulle regtig, party van hulle staan net so getrou op daardie Woord as wat hulle kan wees. Ander, ek weet nie wat om te doen nie, hulle is—hulle is ver daarbuite. Weet U wat die ander doen? Spot hulle en sê: 'Hulle is net 'n klomp grootpraters.'"

"Wel, dit laat My nogal sleg voel."

92 Maar laat ons nou die prentjie verander. Nou die Vader, Sy seun is 'n goeie seun. Sy Vader reg—reg daar, hier is 'n Leermeester, die Heilige Gees. Op watter manier die Heilige Gees, Hy gesê het: "Ek gaan loop," die Leermeester het gesê, "Ek is …"

Die kind het gesê: "Ek sal reg met U wandel. Ek sal reguit saam met U gaan."

"O, die heuwel is verskriklik hoog, seun."

"Ek sal reguit saam met U gaan. Ek het vertroue in U. As ek begin moeg word, sal Hy my hand oplig en my vashou."

"Maar daar's leeus daar bo op die heuwel!"

"Maak nie saak solank as wat U daar is nie, maak geen verskil nie. Ek loop reg saam met U."

"Daar's moeilikheid daarbo, dis gladde klippe."

"Ek gee nie om nie, solank as wat U my hand vashou, sal ek reg met U wandel. Ek sal reg met U wandel."

"O, weet jy wat? Jou Pa het dit altyd gedoen, sien. Dis goed. Ja, meneer."

93 Kom op bo-op die heuwel daar. "O," het Hy gesê: "weet U wat, Vader? Jou seun is net soos 'n stuk van die ou blok af. Hy is absoluut, presies soos U. Elke Woord wat U sê, sê hy 'amen' Daarop. Ek—ek het hom nou die dag in die Bybel laat blaai en Dit het gesê: 'Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.' Weet U wat hy gesê het? Hy het geskree en sy hande in die lug opgegooi en gesê: 'Halleluja! Amen!' O! En U weet Dit het hier gesê, in—in U Woord, U weet, waar U gesê het: 'Die werke, hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen'?"

"Ja, ek onthou dat ek Dit aan My seun geskryf het. Ja, ek onthou dat Ek Dit geskryf het."

"O, toe hy dit gesien het, het hy net geskree en op en af gespring, geskree: 'Halleluja, Here. Neem alles van die wêreld uit my uit. Maak my soos Dit!' Ja, Meneer. En al daardie dinge wat hy gedoen het!"

"O," het die Vader dit gesê: "ek—ek is bly vir daardie seun. Dis 'n goeie seun. Goed. Hou hom dop vir 'n paar jaar, kyk hoe hy—kyk hoe hy aangaan en hoe hy vorder." Na 'n ruk gaan die jare verby. "Hoe gaan dit met hom?"

94 "O, goeiste, hy groei selfs in genade! O, goeiste! Hy's net … Hy beskut die woude. Ek sê vir U, hy—hy is regtig … Wel, hy neem daardie skape, kan hulle hanteer net—net soos U doen. Hy sal hulle nooit seewiere gee nie. Hy sal hulle nooit ysterkruid gee nie. Wanneer hulle kom en sê: 'ons wil by die kerk aansluit'; sê hy: 'Maak jou mond toe, jy het dit nie nodig nie! Nee, meneer. Hier is wat jy nodig het: "Bekeer julle en word gedoop, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van julle sondes. Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."' Ja, Meneer, daar's wat hy gesê het."

"O, sê hy dit regtig?"

"Ja, Meneer, hy doen dit beslis."

"Wel, dis net hoe Ek Dit geskryf het."

"Dis net hoe hy Dit sê."

"Hmm!" Ja, Meneer.

95 "Party van hulle het gesê: 'Vertoef julle in die stad Jerusalem totdat julle toegerus is met krag uit die Hoogte. Vandat die Heilige Gees oor julle gekom het, wees julle getuie vir My in Jerusalem, Judéa en Samaria, en ander dele van die wêreld.' Toe hy dit gelees het, het hy geskree: 'Halleluja, dis wat jy nodig het!' Weet U wat hy doen? Hy kry hulle net reg daar totdat hulle Dit kry, dis al, bly reg by hulle.

"En as hulle begin stry, sê hy: 'Hokaai, hokaai, hokaai, wag 'n oomblik, wag 'n oomblik. Dis hoe bokke optree, nie skape nie. Sien? Sien?' O, partymaal raak hulle 'n bietjie omgekrap vir hom, maar hy klop hulle soort van 'n bietjie op die rug, sê: 'Wag 'n oomblik, sjjj, sj-sj, sj. Dis alles reg.' Hy weet regtig hoe om daardie skape te beheer. Ja, Meneer, ek sê U.

96 "Weet U wat? Ek het gesien Aartsbiskop *So-en-so* het vir hom gesê dat hy 'nie na hierdie dorp kon kom en 'n diens hou nie.' Maar, U weet, ek het hom soort van gelei, ek het gesê: 'Gaan in elk geval.' Sien? 'Trek hierdie bande terug en laat hulle nie uitgaan nie.' Ons het in elk geval gegaan! Het hier in hierdie dorpe gegaan, gesê: 'Wel, ons sal nie spon- …'

"En U weet, die duiwel het daar gekom, gesê: 'Ek wed U dat ek hom uit daardie dorp kan hou.' Ek het gesê: 'Kan dit nie doen nie. As ek hom sê om te gaan, sal hy gaan. Ek wed julle hy sal gaan.' 'Nee, nee, nee, nee, nee, ek sal hom sê. Ek sal afgaan en sê: "Nou, al my agente, vergader julle almal saam. Julle wil niks van daardie ou fanatisme hieronder hê nie, al daardie ou Goddelike genesing en daardie ou Heilige Gees goed nie. Dit het jare gelede met die apostels verbygegaan. Julle weet dis niks werd nie, destyds."' Probeer vir hulle ou ysterkruid gee, alles soos dit. Hulle …

97 "Maar, U weet wat, hy het in elk geval net daar aangegaan. Het net daar afgegaan en lusern begin uitgooi, van … En weet U wat, daardie skape het begin eet, hulle word so vet as wat hulle kan wees. Ja, Meneer. Terwyl hulle genesings en byeenkomste het en, U weet, 'n klomp van daardie jong kêrels begin. Wel, hulle het gesien of hulle 'n groot klomp hooi soos daardie lusern het. Weet U wat hulle daarmee gedoen het? Dit was so goed totdat hulle na die bure toe gehardloop het, gesê het: 'Proe Dit! Proe Dit! Proe Dit!' Sien, die atmosfeer daar het net soos hierdie reg hier geproe. Hier is Dit net hier. Net hier is Dit, sien. 'Bekeer julle net, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus, sien, julle kry die Heilige Gees. Dis vir wie ook al wil, laat hom kom, laat hom hier kom om te sien wat die Bybel gesê het.' Sien? En hulle het net 'n wonderlike tyd daaronder."

"O, dis My seun! Dis My seun. Wel, dink U hy is volwasse genoeg?"

98 "Ja. Sekerlik," het die Heilige Gees gesê. "Ek het hom toetse gegee. Man, ek het hom *hierdie* kant toe getoets, hom *daardie* kant toe getoets. Ek het hom neergegooi, siek, ek het hom onder gesit. Ek het het op hom getrap, ek het die duiwel alles aan hom laat doen wat hy kon doen, hy het weer reguit opgekom. Hy het in elk geval gekom. Sien, kom weer op. Ek het hom siek gemaak. Ek het *dit* gedoen. Ek het hom in die hospitaal gegooi. Ek het hom hierheen geneem ek het *dit* gedoen, ek het *dat* gedoen. Ek het sy vrou teen hom gedraai, ek het sy bure teen hom gedraai, ek het alles gedraai. Dit het nie 'n greintjie verskil gemaak nie. Gesê: 'Al sou Hy my doodmaak, tog sal ek Hom vertrou.' Ek het sy familie doodgemaak. Ek het *dit* geneem, ek het *dit* gedoen, ek het *dit* alles gedoen, ek het *dit, dat, ander* gedoen. Steeds het hy regop gestaan: 'Al sou Hy my doodmaak, tog sal ek Hom dien! Hy's myne!'"

"O! Wel, ek glo Ons behoort hom iewers uit te roep na 'n klein spesiale plekkie en 'n aanneming te hê."

Nou, toe die vader in die Ou Testament verstaan het dat sy seun mondig geword het, en deurwinter was tot aanneming. Tot! Hulle word 'n kind gebore, maar wanneer hulle reg daar 'n seun is. Maar dan sal hulle nooit meer as net 'n kind wees nie, net 'n gewone seun, totdat hulle volwasse word en wys wat hulle is. Dan roep hy hom uit.

99 Nou hier is ons, kerk. Is julle gereed? Nou dis 'n bietjie laat, elkeen byt jou vinger, knyp jou siel, en pluk jou hart, net vir 'n oomblik. Sien? Nou gaan ons die kerk plaas. Nou wanneer die kerk by daardie plek kom, sê Hy: "Manasse, jy behoort hier. Efraim, jy hier."

Dan neem hy hom uit na 'n sekere plek, die vader doen, en hy sit hom op 'n hoë plek soos hierdie, en hy het 'n seremonie, en hulle almal kom aan. En hy het gesê: "Ek wil hê almal moet weet dat dit my kind is, en ek neem my seun aan. En ek wil hê enigiemand moet weet, van nou af, dat sy naam … Ek trek hom aan, 'n spesiale kleding aan hom. En ek wil hê julle moet weet dat sy naam net so goed is op enige tjek as wat my naam is. Hy's my kind, ek neem hom in my familie aan, hoewel hy my seun was vandat hy gebore is. Sedert hy die Heilige Gees ontvang het, was hy My seun. Maar nou gaan ek hom posisioneel in gesag plaas. Wat hy afdank, is afgedank, wat hy huur, is gehuur:

"En voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as jy vir hierdie boom sê, as jy vir hierdie berg sê: 'beweeg,' en nie twyfel in jou hart nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Sien? Daar het julle dit; daar het julle dit. Sien? "Hy's My seun." Hoeveel weet dat die aanneming, dat die … hulle die seun aangeneem het nadat hy bewys het dat hy 'n … Almal wat ooit die Bybel gelees het, plasing van seun.

100 Nou, God het dieselfde ding aan Sy Seun gedoen toe Hy Jesus opgeneem het op die Berg van Verheerliking. Hy het Petrus, Jakobus en Johannes daarheen geneem, dis drie getuies van die aarde. Daar was Jesus, Moses en Elía, en God, bo-op die berg. Daar het hulle daarbo op die berg gestaan. En, eerste ding wat jy weet, het hulle gekyk en Jesus was verheerlik voor hulle. Is dit reg? Hoeveel weet dis die Skrif? Wat het Hy gedoen? Hy—Hy het Hom geklee in die kleed van onsterflikheid. En hy het gesê: "Sy klere het geskyn soos die son." Is dit reg? En 'n wolk het hulle oorskadu. En Petrus en Johannes-hulle het op hulle aangesig geval. En hulle het gekyk, en daar het Moses en Elía gestaan, met Hom gepraat. En Moses was dood en begrawe in 'n ongemerkte graf vir agthonderd jaar. En Elía het 'n strydwarit na die Hemel geneem, vyfhonderd jaar voor dit. Sjoe! Maar hulle was steeds daar! Daar het hulle met Hom gepraat. Sien, Hy het Jesus opgeneem om hulle te sien, om te sien waaroor dit alles gaan, sien daar, wys Hom hierdie dinge. En hulle het met Hom gepraat, 'n gesprek met Hom gehad.

101 Toe sodra Petrus weer teruggekyk het en die verheerliking van Jesus af was, het hulle Jesus alleen gesien, en 'n Stem het uit daardie wolk gekom, en gesê: "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom! Sy Naam is net so goed soos Myne nou. Luister na Hom!" Dis dit, aangenome, of geplaasde seuns.

Nou, dis daar waar God probeer om die Pinksterkerk in die Boek van Efésiërs te kry. Sien? Verstaan julle, verstaan julle? Ons moet sluit omdat dit te laat word, sien, die kindertjies raak slaperig. En ek wou hier by hierdie vers reg hier uitgekom het, maar ek kan dit nie doen nie, tot die—die 13de vers, sien, die laaste deel: "verseël deur die Heilige Gees van belofte." Ons sal daardie Sondag kry, sien. Kyk. Nou, hoe, wat bring ons in, en hoe ons Hierdeur gehou word.

102 Maar nou om te "plaas," hoe gaan jy? Jy word eers in die Koninkryk gebore deur die Heilige Gees. Hoeveel weet dit? Goed. Die volgende, jy is voorbestem tot die wat? Aanneming. Wat is dit? Jy is voorbestem tot die plasing.

103 O, Suster Scott, glo ek dit is, sit hier. Is jy nie die een wat vandag by die huis was nie? 'n Lering wat iewers in die wêreld rondgaan, deur verskillende dele van die land, ek het daarvan gehoor, baie, dat Jesus hier op aarde is, rondloop in 'n liggaam, Hy kom in en doen *dit*. Dis 'n leuen! Sy Heilige Gees is hier en Hy probeer om Sy Kerk te plaas, om Sy Kerk in orde te kry, dit in die beloofde Land te plaas, sodat hulle kan ingaan … sodat al die vyande uitgedryf kan word.

104 Manasse kan nie sy land neem nie. Ek kan nie 'n genesingsdiens hê wanneer die helfte van die … wanneer die … Ek gaan uit en verkondig die doop in die Naam van Jesus Christus, en die—en die drie-eenheid broers wat sê: "O, hy's ou Jesus Only." En ek kan nie hiernatoe gaan en Goddelike genesing hê wanneer die helfte van hulle sê: "Goddelike genesing is in orde," en baie van hulle geniet die wonderwerke van die Here en sê: "Wel, ek glo Broer Branham is 'n profeet, maar laat ek julle iets vertel. Solank die Gees op hom is en hy onderskei, is hy die Here se dienaar. Maar sy Lering is verrot, Dis niks werd nie." Wie het ooit van sulke nonsens gehoor? Dis óf van God óf dit is nie van God nie. Dis reg. Dis óf alles God óf geen God nie. Dis hoe dit is. Maar hoe gaan jy kry? Manasse sal nie sy grond hou nie, Efraim sal nie sy grond hou nie, Gad sal nie sy grond hou nie, Benjamin sal nie sy grond hou nie, hulle hardloop almal hier uit saam met die Filistyne, en alles deurmekaar. Hoe gaan ons geplaas word? Maar ons is gebore deur die Heilige Gees, almal van ons. Is dit reg? Waartoe word ons gebore? Voorbestemde … Dan nadat ons gebore is, is ons voorbestem tot die aanneming, om in die Liggaam van Christus geplaas te word. Sien julle wat ek bedoel?

105 Wat is die Liggaam van Christus? Sommige is apostels, sommige is profete, sommige is leraars, sommige is evangeliste, en sommige is pastore. Is dit reg? Ons word daartoe geroep. Ander het gawes van tale, interpretasie van tale, wysheid, kennis, wonderwerke, werking van wonderwerke, al hierdie verskillende gawes. En nou wat het hulle gedoen? Hulle het dit 'n bietjie geoefen. Wat? Laat dit los hardloop soos ek weet nie wat nie. Een staan op, praat in tale, en die ander een gaan voort, praat: "Blrr, blrr, blrr, blrr, bloe" Uh-huh. Prediker sal preek, 'n altaaroproep maak, en iemand sal opstaan, in tale praat en "Halleluja, eer aan God." As die—as die prediker voortgaan met sy boodskap, gesalf wees, dan sê die mense: "ou afvallige." Sien, dis omdat hulle nie geleer word nie.

106 Die Bybel het gesê die gees van die profete is onderworpe aan die profeet. God is geen outeur van verwarring nie. Wanneer ek hier staan, of 'n prediker hier onder die salwing van God. Maak nie saak hoeveel jy in tale wil praat nie, jy bly stil totdat God hier klaar is. Dan as jy in tale praat, kan dit nie net een of ander herhaling van die Skrif wees nie, want God het gesê moenie ydele herhaling gebruik nie. Maar dis 'n boodskap direk aan iemand. Vra my eenkeer, plaas jou vinger op een keer wat die Heilige Gees ooit, onder die onderskeiding, vir iemand gesê het, 'n Skrif oor en oor herhaal het. Dit het vir hulle iets gesê wat verkeerd was met hulle en iets wat hulle gedoen het, en iets wat hulle moes doen of iets moes gebeur, of so iets. Is dit reg?

So is praat in tale en interpretasie! As daar een in die kerk is wat in tale praat, en 'n ander dit interpreteer, laat dit dit sê. Laat Broer Neville opstaan en in tale praat, en hierdie broer hier gee die interpretasie, sê: "Sê vir hierdie man hier dat hy gister hier uitgegaan het en iets gedoen het wat hy nie moes gedoen het nie. Nou die dokter het hom vandag gesê hy het kanker. Gaan maak daardie ding reg, kom hiernatoe en kom reg met God."

Die man sê: "Waarlik, dis die waarheid." Dan is God met jou.

107 Maar hoe gaan ons dit op hierdie manier doen? Sien? Dis net: "Blmp, blrr, blrr, blrr." Net lukraak, enige manier, glad nie geplaas nie. Nou dis … Sien, Efésiërs, probeer … Sien, hulle mis dit. Sien julle hoe hulle dit mis? Ons is voorbestem tot die aanneming van seuns! Nou hoeveel verstaan wat ek bedoel, steek julle hand op. Aanneming! Ons is gebore in die Gees van God, sekerlik, ontvang die Heilige Gees, en roep: "Abba, Vader! Halleluja! Glorie aan God!" Ons is, dis reg, ons is kinders, maar ons kan nêrens kom nie. Ons kan nie die Filistyn slaan nie.

108 Kyk na Billy Graham wat daar oorkant staan. En daardie Mohammedaan wat sê: "Bewys Dit."

Kyk na Jack Coe wat daar oorkant staan. En daardie ateïs, daardie kerk van Christus wat hande skud met die ateïs daarbuite, en hand vat. Veronderstel om 'n Christen te wees, en hande skud met 'n duiwel soos Joe Lewis, en 'n vrydenker, en selfs God vloek en gesê "daar was nie so iets soos 'n God, in elk geval, om mee te begin nie," en sulke dinge. En 'n kerk wat hulself 'n kerk van Christus noem, hande skud met hom, en kant kies teen Broer Jack Coe. Hoe gaan ons enigiets doen? En die Pinksters, baie van hulle, teen hom; wanneer elke prediker in ons land behoort te staan met hom, en gesê het: "God, stuur U Krag neer." Sien, daar is ons, waar dit nie geplaas kan word nie.

109 Efraim wil nie bly nie. Een van hulle gaan hiernatoe, ons vind Manasse kom hier oorkant, sê: "O, goeiste, die Here gee my 'n goeie mielieland!" Toe kom hier, Gad, het gesê: "Wel, nou, wag 'n oomblik. Ek is veronderstel om hawer te groei, maar ek gaan ook mielies kry. Halleluja!" Sien julle? Jy het niks met mielies te doen nie; kry hawer, hawer is jou deel om te groei. Jy is nie veronderstel om skape op te pas as jy veronderstel is om beeste op te pas nie. God wil die kerk plaas. Maar elkeen van hulle wil dieselfde ding doen. "Halleluja!" En jy kan hulle niks daarvan vertel nie. Nee, nee. Hulle het steeds daardie bokagtige geaardheid: "Maar, maar, maar, maar, maar, maar, maar." Sien, jy kan hulle nie vertel nie. Dis reg. Nou, is dit nie waar nie? En jy kan nie die kerk plaas nie. Sien?

110 Die kerk is veronderstel om voorbestem te wees tot die aanneming van kinders, waar 'n man … God kan 'n man neem en hom in die familie aanneem, en hom iets gee. Dit, eers, probeer dit en kyk of dit reg is. Die Bybel het gesê beproef die gees. Hierdie man maak aanspraak op 'n sekere ding, probeer dit en kyk of dit reg is. As dit so reg is, beweeg reg daarmee. Sê dan: "Here, stuur vir ons iets anders." Bly beweeg, sien, bly net beweeg totdat elke kêrel sy plek inneem. Dan gaan jy sien die kerk van God begin sy plek kry. Dan is dit wanneer die Filistyne sal begin om pad te gee. Die kortbroek sal afgaan, hare sal afgroei, gesigte sal gewas word; sigare sal ontbreek. Dis reg. Wanneer die Kerk begin om in sy magtige Krag te kom, wanneer ons 'n Ananias en Saffira het, en 'n paar van hulle. Ja, meneer. Julle sal sien wanneer daardie heilige Kerk saam staan in Sy Krag, posisioneel geplaas as seuns van God, aangeneem in die familie van God, magtige Kerk wat daar staan in sy heerlikheid. O, dis waarvoor Hy kom.

111 Sien julle hoe ver is ons weg, broers? Julle kan nie eens saamstem oor die Skrif nie. En enige man, enige man wat nie waterdoop in die Bybel kan sien nie, in die Naam van Jesus Christus, hy's of blind of iets verstandelik verkeerd. Dis reg. En dis daar waar die groot geveg is.

Ek sal—ek sal vir enige persoon sê wat vir my enige Skrif sal bring waar enigiemand ooit gedoop is in

enige ander naam behalwe die Naam van Jesus Christus, in die nuwe kerk. Of, as hy op enige ander manier gedoop is, moes hy weer oorgedoop word in die Naam van Jesus Christus, om die Heilige Gees te kry. Jy kom wys my. Daar is nie so iets nie. Daar's nie so 'n opdrag nie. Toe Jesus daar gesê het: "Gaan julle dan, leer alle nasies, doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Vader, Seun, of Heilige Gees, nie een is 'n naam nie, nie een van hulle nie. Petrus het omgedraai, reg tien dae later, gesê: "Bekeer julle, en word gedoop, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van sondes." En oral in die Bybel.

112 En dan hier was sommige wat daaronder gedoop is, op 'n ander manier, deur Johannes, net tot bekering. Paulus het gesê: "Julle moet weer gedoop word. Julle moet weer kom."

"O, maar ons is gedoop deur 'n groot heilige man, Johannes. Hy het Jesus gedoop."

"Goed, dit is die Evangelie. Dit is die Gees van God wat aan my geopenbaar sou word. Ek is 'n apostel van die Here, en as 'n engel uit die Hemel kom en enigiets anders preek …"

Laat ek dit lees. Die Bybel het gesê: "As 'n eng- …" Paulus het gesê: "As 'n engel uit die Hemel enigiets anders gesê het," biskop, aartsbiskop, pous, opsiener, wat hy ook al mag wees: "as hy enigiets anders behalwe Dit preek wat ek vir julle verkondig het, laat hom vervloek wees." Daar's geen … Ons het nie sulke gebruike soos dit nie. Nee, meneer. Jy … Daar is net nie so iets nie. Julle, ons … En dan—dan, sien, waarom kan mense dit nie sien nie? Waarom is dit dat mense dit nie wil—wil, dit nie wil glo nie? [Iemand in die gemeente sê: "Voorbestem" — Red.] Sien? Iemand het dit net daar getref, Gene. "Voorbestem," presies. Hoekom? "Almal wat die Vader My gegee het, sal" (wat?) "na My toe kom." Hoe presies! "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom, sal na My toe kom." Wat is die probleem met my, ek wat hier probeer uitvind? Hier is ons. Goed.

113 Laat ek net hierdie vers lees en dan sal ek julle vertel wat Paulus, die dinge wat … Die einste Boodskap wat ek vanaand gepreek het, hier is wat Paulus gesê het oor voorbestemming, oor waterdoop in Jesus se Naam, die Heilige Gees doop, die opset in die kerk, ensovoorts. Hier is wat hy gesê het.

> *Ek verwonder my* (vertel hierdie Galásiërs) *dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het ...*
>
> Ek skaam my so vir julle, met ander woorde, dat julle iemand laat inkom en julle wegdraai van Dit, na 'n ander evangelie;
>
> *Terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai.*

114 Maar kyk. Nou, onthou, dit was Paulus wat elke persoon gedwing het wat nie in die Naam van Jesus Christus gedoop is nie, om weer gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Hoeveel weet dis waar? Hoeveel weet dit was Paulus wat gesê het dat hierdie geheime verborge was sedert die grondlegging van die wêreld, en aan hom geopenbaar is, dat ons voorbestem was om die seuns te wees, en, tot aanneming. Dit was Paulus. Kyk hier wat hy gesê het.

> *Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!*

Moet net nie sê: "Ek stem nie met jou saam nie, meneer." Laat hom net vervloek wees. Laat my die volgende vers lees.

> *Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!*

115 Dis reg. Nou, broer, suster, as dit nou die dag God was, en ek—ek sê die hoop nie oneerbiedig nie, dit het my geneem om hierdie klein … Nou, ek raak opgewonde; ek skat nie ek raak opgewonde nie, ek word net geseënd in die prediking. Ek raak buite myself en ek hou julle hier totdat ek weet julle is vaak en moeg. Maar, o, ek … As julle—as julle maar net kon weet hoe ek julle daar wil hê! Sien? En toe ek, ek sê dit weer een keer, toe ek … toe Hy gesê het … Ek het gesê: "Dit sou doen …"

Hy het gesê: "Wil jy graag sien wat die einde is?"

116 En ek het teruggekyk en myself daar op die bed sien lê. Sekerlik het julle my lank genoeg geken om te weet dat—dat—dat ek julle die Waarheid vertel. Ek wil julle iets vra, soos Samuel gesê het voor hulle Saul gesalf het, het ek julle ooit iets gesê in die Naam van die Here wat nie waar was nie? Is dit reg? Dit was altyd waar. Het ek al ooit vir julle kom smeek vir geld of so iets? Nee, sien, ek het nog nooit. Het ek ooit enigiets gedoen behalwe my bes om julle na Christus te lei? Presies.

Nou hulle wil sê ek is 'n geestelike telepatis, julle weet, 'n supersensoriese persepsionis. Natuurlik, daardie dinge moet opkom, die Bybel het gesê hulle sou. Soos Jambres en Jannes Moses weerstaan het,

het hulle omtrent dieselfde ding gedoen wat Moses gedoen het, totdat dit tot 'n konfrontasie gekom het. Dis reg. Maar onthou, Jambres en Jannes kon nie genees nie. Hulle kon nie genees nie. Hulle kon plae bring, maar hulle nie wegneem nie. Sien? Goed. Nou, God is die Geneser. God se Woord bly Waarheid.

117 Ek het probeer om eerlik te wees met julle. Ek het julle die Waarheid probeer vertel. Ek het—ek het … vir omtrent een-en-dertig jaar, het ek by hierdie preekstoel gestaan, af en aan, vir een-en-dertig jaar, en eendag mag ek vertrek om na die Heerlikheid te gaan langs hierdie preekstoel. Daar was 'n vrou, 'n dogter, vader, broer, almal reg daar oorkant begrawe, kosbare vriende. Ek het na hulle kiste gekyk en die blomme wat hier gestaan het. En weet dat myne ook eendag sal wees. Nou, dis waar. Maar opreg, uit my hele hart, sê ek vir julle met my hele hart, ek glo ek het vir julle die ware Evangelie van die Here Jesus Christus verkondig. Ek glo dat julle gedoop moet word, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus, en die doop van die Heilige Gees ontvang. En wanneer jy dit ook al doen, sal dit vir jou 'n vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, vriendelikheid, geduld, geloof bring.

118 En nou die dag, wat met my gebeur het op daardie oggend, weet ek nie. Ek kan nog nie sê of ek hier by my liggaam was en net 'n visioen gesien het, en of ek weggeneem is van hier af, daar na oorkant toe nie. Ek weet nie, ek kan nie sê nie. Enigste ding wat ek weet, dat ek—ek altyd bang was om te sterf, daardie plekkie van steek. Maar nie bevrees Jesus sou my nie kom haal nie, nou, ek was nie bang daarvoor nie, want ek—ek het dit nie gevrees nie; maar as ek jou sou ontmoet en net 'n klein ou miswolkie wees wat deur die lug vlieg. Maar ek sien nou. Toe ek daardie mense gesien het, was hulle werklik. En hulle was mense wat eens met my geassosieer het hier op aarde, selfs met my eerste vrou. Sy was nie my vrou nie, sy was my suster. Sy het my nooit haar man genoem nie, sy het my haar liefling broer genoem. Daar was geen seks, geen gevoelens van daardie tipe nie, dit kon nie wees nie; dit was volmaak, dit was soetheid, dit was volmaaktheid.

Ek wonder, ek weet nie, ek wonder: Is dit wat sy gesien het, voor sy die aarde verlaat het, toe sy oorkant in die hospitaal was, toe ek haar geroep het? En sy het gesê: "Billy, jy het dit gepreek, jy het daaroor gepraat, maar," het sy gesê: "jy weet nie wat dit is nie." Sy het gesê: "Ek het geen begeerte meer om te bly nie."

119 Ek wonder of dit is wat dit is, met daardie goddelike, heilige ou man van F. F. Bosworth, wat in hierdie preekstoel gestaan het, wat saam met my gepreek het in verskillende dele van die wêreld. Ou F. F. Bosworth, almal van julle, byna, het hom geken; goddelike, heilige ou man. Twee uur tevore, wel, omtrent 'n week of twee voor hy vertrek het, het ek na hom toe gegaan en daar het hy daar gelê, ver, amper negentig jaar oud. Sy ou arms het uitgereik, sy bleskop en daardie wit wangbaarde op sy gesig. Ek het daardie ou man in my arms gegryp en ek het geskree: "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en die ruiters daarvan."

Want as daar ooit 'n man was wat ooit Pinkster verteenwoordig het en 'n ware apostel was, was dit F. F. Bosworth, skoon, reguit, ware Evangelie, sien, dit was Bosworth. En toe ek hom in my arms gehou en ek geskree het: "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en sy ruiters."

Hy het gesê: "Seun, bly op die veld." Gesê: "Spring party van hierdie jong kêrels voor na die oorsese velde, as jy kan, voor hulle 'n klomp fanatisme daar oorkant kry. Neem hulle daardie ware Evangelie wat jy het, seun." Hy het gesê: "Jou bediening het nog nie begin tot wat dit wil nie." Gesê: "Jy's 'n splinternuwe Branham." Het gesê: "Jy's jonk, seun."

Ek het gesê: "Broer Bosworth, ek's agt-en-veertig jaar oud."

Hy het gesê: "Jy het nog nie begin nie." Hy het gesê: "Moenie dat hierdie jong Pinksterpredikers daar oorgaan met 'n klomp onsin en die ding vergiftig en al die—die diplomate en die hele land Daarteen kry voordat jy daar kom nie." Het gesê: "Gaan voort, Broer Branham, gaan voort met die Evangelie wat jy het." Hy het gesê: "Ek—ek glo dat jy 'n apostel is, of 'n profeet van die Here ons God."

120 Ek het na hom gekyk, ek het hom in my arms omhels. Ek het gesê: "Broer Bosworth, ek wil jou 'n vraag vra. Wat was die gelukkigste tyd van jou … oomblik van jou … al jou jare wat jy gepreek het?"

Hy het gesê: "Reg nou, Broer Branham."

Ek het gesê: "Weet jy jy's sterwend?"

Hy het gesê: "Ek kan nie sterf nie."

Ek het gesê: "Wat … Waarom sou jy sê dit is jou gelukkigste tyd?"

Daar was 'n deur. Hy het gesê: "Ek lê hier met my gesig gedraai na daardie deur. Byna enige oomblik, die Een wat ek liefgehad het, en Een waarvoor ek gepreek en voor gestaan het, al hierdie … my lewe, Hy sal na daardie deur toe kom vir my en ek sal saam met Hom gaan." Ek het na hom gekyk, ek het gedink, ek—ek het dieselfde gelyk soos ek sou wees vir Abraham, Isak, of Jakob.

Ek het sy hand geneem, ek het gesê: "Broer Bosworth, ons glo albei dieselfde God, ons glo dieselfde ding. Deur die genade van God sal ek preek totdat die laaste asem my liggaam verlaat. Ek sal getrou bly aan God soos ek weet hoe om te bly. Ek sal nie kompromitteer op die Evangelie aan enige kant of enige plek nie. Ek sal so getrou bly as wat ek weet om te bly. Broer Bosworth, ek sal jou ontmoet in 'n beter Land waar jy nie jonk sal wees … of nie meer oud sal wees nie, maar jonk."

Hy het gesê: "Jy sal daar wees, Broer Branham, moenie bekommerd wees nie."

121 En 'n uur voordat, twee uur voordat hy gesterf het … omtrent twee maande later, het ek gedink hy was toe sterwend, my vrou het ingekom en hom gesien (hy het altyd soveel van haar gedink), en toe Mev. Bosworth. En omtrent vir twee ure het hy gelê, geslaap. Hy het regop gesit, hy het gekyk, en hy het opgespring uit sy bed. Hy het gesê: "Moeder, wel, ek het jou nie vir jare gesien nie! Pa! Broer Jim, wel," gesê: "laat ons sien, jy was een van my bekeerlinge vir die Here, by Joliet, Illinois." Hy was dood vir vyftig jaar. Sien? Ja! Hy het gesê: "Jy's Suster *So-en-so*. Ja, ek het jou na die Here gelei by—by die Winnipeg byeenkoms. Ja. Wel, hier is Suster *So-en-so*. Ek het jou nie gesien … Ja, sien, jy het na die Here toe gekom by *so-en-so."* En vir twee opeenvolgende ure het hy hande geskud met diegene wat hy na die Here gelei het. Het reguit teruggeloop na sy plek en gaan lê, sy hande gekruis, en dit was dit. Het Broer F. F. Bosworth daardie Land binnegegaan wat Jesus my nou die aand laat sien het? As dit is, is hy daar 'n jong man vanaand. God rus sy siel. En mag ek altyd so getrou lewe dat ek daardie Land sal binnegaan. En mag ek so 'n—'n getroue dienskneg van Christus wees!

122 Ek is skaam vir my lewe. Ek is skaam. Ek—ek—ek … As ek voor julle mense gesondig het, is julle—julle dit aan my verskuldig om vir my te kom sê. Sien? Ek probeer regverdig lewe in alles wat God my laat doen deur Sy genade. Sien? Sien? Maar, kyk, vriende, julle is dit aan my verskuldig as julle enigiets weet wat verkeerd is met my lewe, kom sê my so. En, kyk, ek is dit aan julle verskuldig om hier te staan en julle die ware Evangelie te verkondig. Ek is dit aan julle verskuldig, want ek verwag om elkeen van julle gesigte te sien, jong mans en vroue, net oorkant daardie versperring daar oorkant. Dis net een asemteug tussen waar jy nou en daar is. Nou, dis reg. Dis daar.

123 En mag die God van alle genade, die God van die Hemel, nie ontheiligend nie, maar in eerbied: "Pappa," op daardie groot dag wanneer ons hier voorgestel word en weer ons aardse liggame kry, sodat ons kan drink, en die druiwe eet en die vrugte van die land. "Hulle sal huise bou en 'n ander sal dit nie bewoon nie. Hulle sal wingerde plant en 'n ander sal nie daarvan eet nie." Sien? Een man plant 'n wingerd, sy seun neem dit, en dan neem sy seun dit, en syne. Maar nie in hierdie geval nie; hy sal dit plant en daar bly. Sien, dis reg. Ons sal vir ewig daar wees. En mag, in daardie Land, mag ek elkeen van julle sien.

124 En ek weet dat ek hierbinne selfs met trinitariese predikers praat. En, my broers, ek sê dit nie—ek sê dit nie om seer te maak nie. Ek is ook 'n trinitariër, ek glo in die drie-eenheid, die drie eienskappe van God (Vader, Seun, en Heilige Gees), maar nie drie Gode nie. Sien? Ek glo daar is drie eienskappe, absoluut, ek doen dit met my hele hart: "Vader, Seun, en Heilige Gees," maar hulle is nie drie Gode nie. Hulle is net drie eiensk- … of van die drie ampte van God. God het eenmaal gelewe in die Vaderskap, Seunskap, en nou die Heilige Gees. Dis dieselfde God in drie ampte. En hulle het …

En Vader, Seun, en Heilige Gees, is nie 'n Naam van God nie. God het een Naam, en Sy Naam is Jesus. Die Bybel het gesê: "Die familie in die Hemel word Jesus genoem, en die familie op aarde word Jesus genoem." Dis reg. So God het een Naam gehad, menslike Naam. Hy was … het 'n naam genaamd Jehova-jireh gehad, Jehova-rapha, wat Sy titels van Godheid was. Maar Hy het een Naam gehad, Jesus! En dis Hy.

En waarlik, my broers, as julle van my verskil, onthou, ek—ek—ek sal julle daar oorkant ontmoet, in elk geval. Sien? Ek sal—ek sal daar wees met julle. En God seën julle. En ek het julle lief.

125 En ek wil hê die kerk moet nou onthou, Sondagoggend gaan ons optel van hier af en ek gaan probeer om julle nie langer as twee-uur te hou nie, sodat ons 'n middagdiens kan hê, as ons kan, en as ek so goed vaar as wat ek vanaand gedoen het, tien-dertig. Vergewe julle my? Vriende, ons het nie meer baie tyd oor nie, skat. Ek—ek noem julle "skat" omdat julle is. Julle—julle is my skatte. Weet julle wat? Laat … Hier's 'n Skrif wat kom. Paulus het gesê: "Want ek is jaloers oor julle (Sy Kerk) met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind." Daar het julle dit, dit het dit. Dis dit. "Want ek verbind julle, verloof julle aan Christus, as 'n rein maagd."

126 Nou, as dit waar was toe op daardie dag, het hy gesê … Hulle, die mense het vir my gesê, gesê: "Jesus sal na jou toe kom, en jy sal ons aan Hom voorstel," 'n rein maagd. "Geoordeel deur die Woord wat jy vir hulle verkondig het." En, kyk, as ek vir julle preek net wat Paulus vir sy kerk verkondig het, as sy groep inkom, sal ons s'n ook, want ons het dieselfde ding. Amen. Laat ons nou ons hoofde buig terwyl ons sê: "God seën julle." Nou …?… Ons dierbare geliefde pastoor, Broer Neville.

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7